Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

februarie 2015

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

# Algemene Sinode 2015

www.gksa.org.za

**JAARGANG 117, NO. 3287 - FEBRUARIE 2015**

1 VAN DIE REDAKTEUR
Roeping – weet ons nog wat dit beteken?

2 UIT DIE WOORD
In Christus alleen

4 REDAKSIONEEL
Is 'n sinode regtig nodig?

6 BRANDPUNT
God praat Afrikaans

FOKUS
9 Bybelse eskatologie (2)
11 Omkopery en korrupsie

BESINNING
13 Lykverbranding as plaasvervanger vir die begrafnis

ALGEMENE SINODE 2015
18 Vrae aan die voorsitter
22 Groeteboodskappe
24 Eenheid in verskeidenheid
25 Kommentaar: Vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak
26 Verhouding met NG Kerk op vaste basis
27 'n Memorandum wat méér as 'n formele papier is
29 Die omkeerstrategie
In die pers: Gemeente kry hulp om weer "regte pad" te volg
32 Gemeenskap van gelowiges oor die hele wêreld
33 Benoeming van deputate: Sinode 2015

ANDER
34 Bronkhorstspruit vier 110 jaar
35 Canada Water Kerk (Londenbediening)

38 BRIEWE VAN ONS LESERS

39 Personalia
Op die Kerkwerf

40 Kleinadvertensies

**Die Redaksie bedank graag vir ds. Cassie Aucamp vir sy groot bydrae met die samestelling van hierdie uitgawe.**
**Ds. Aucamp het baie moeite gedoen om bydraes aan te vra en het ook bykans al die foto's van die Sinode wat in hierdie uitgawe verskyn, geneem.**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
Mev. J Fourie
Prof. DF Muller
Dr. JA Kruger
Dr. J Lion-Cachet
Dr. RM van der Merwe
Spesiale medewerker: Ds. C Aucamp

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
11 Uitgawes per jaar (posgeld en BTW ingesluit): R284.00
11 Uitgawes per jaar (haal by Admin Buro af): R195.00
11 Uitgawes per jaar (groepsintekening): R266.00
11 Uitgawes per jaar (Ontvang elektronies): R195.00

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteen-woordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

# ROEPING ...

## *Weet ons nog wat dit beteken?*

Dit is reeds byna twee maande na Kersfees en die aanbreek van die nuwe jaar. Op hierdie stadium het die opgewondenheid van die nuwe jaar reeds baie van sy glans verloor. Soveel (miskien die meeste) nuwejaarsvoornemens het vervaag. Die lewe gaan weer sy gewone gang, met sy daaglikse swoeg en sweet, sy onsekerhede oor die politiek en die ekonomie, die kwessies van taal en onderwys, ensovoorts.

Hoeveel mense, ook gelowige kerkmense, is in die sindroom van "hard werk om swaar te leef" vasgevang? Wat laat jou elke dag opstaan en werk toe gaan (kantoor of plaas of fabriek of kombuis) met 'n lied in jou hart en 'n huppel in jou stap, gereed en lus en gemotiveerd? Waardeur word mense "gedryf" om elke dag voort te gaan? Dit is onder andere teen hierdie agtergrond dat ons die vraag aan die orde wil stel of ons nog weet wat die begrip *roeping* beteken. Was dit Totius wat gesê het die woord roeping is soos krygsmusiek in die ore van die Christensoldaat?

Die woord *roeping* het basies twee betekenisse. In die eerste plek sien dit op die besondere werk van die Heilige Gees om mense deur die Woord te roep tot die saligmakende geloof (vgl. Rom. 8:32; 10:17 ens.). Hierdie roeping gebeur in elke uitverkorene se lewe op 'n bepaalde tyd. Lees gerus in hierdie verband ook weer ons pragtige belydenis in die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 en 4, par. 11 en 12.

Dan ontvang elke gelowige egter ook 'n bepaalde roeping tot diens, 'n bepaalde taak of loopbaan (beROEP) in die lewe. Juis omdat God ons geroep het tot die saligmakende geloof, roep Hy ons ook tot 'n bepaalde diens in sy koninkryk. Dit is nie net predikante, onderwysers en verpleegsters wat van roeping kan praat nie. Roeping is nie tot werk in die kerk beperk nie. Vir die gelowige behoort elke beroep 'n roeping te wees: sakeman, boer, huisvrou, winkelbestuurder of assistant, fabriekswerker, bouer, ingenieur (en vul maar elkeen u eie beroep hier in).

Hoe realiseer hierdie roeping? Ons kan onder andere die volgende noem: Deur gebed, waarin jy na God se wil vir jou lewe van elke dag vra; deur die gawes en talente waarmee Hy jou versier het so goed moontlik te ontwikkel en te gebruik; deur erns te maak met die Bybelse beginsels oor arbeid, geld, ensovoorts (vgl. o.a. Pred. 5:11; Matt. 10:10; Luk. 10:7; Rom. 4:4; 1 Tim. 5:18; 2 Tim. 2:15; Pred. 5:9; Amos 8:5, 6; Matt. 25:25-27; Mark. 6:8; 10:21; Luk. 16:9; 1 Tim. 6:10; Pred. 11:6; ens).

Ons kinders en jongmense wat vir 'n beroep voorberei, moet die regte vrae vra. Hulle moet daarin deur ouers, kategete, onderwysers, ensovoorts, begelei word. Hulle moenie vra waar hulle die meeste geld kan verdien of watter werk vir hulle die meeste voordele inhou nie. Hulle moet vrae vra soos: Watter talente het ek van die Here ontvang? Op watter terrein en in watter beroep kan ek met my aanleg en gawes 'n bydrae tot die opbou en uitbreiding van God se koninkryk lewer? Hoe kan ek 'n positiewe bydrae lewer in die lewe van my naaste, die gemeenskap waar ek woon? Wanneer jy jou lewe as roeping sien, werk jy nie om te (kan) leef nie, maar leef jy om te werk. Roeping vra nie na geld en eie eer en posisie nie. Roeping maak jou onselfsugtig en diensbaar.

Die mens van ons tyd probeer om ten alle koste onafhanklik en selfstandig te wees, om hom/haar met inspanning van alle kragte van God los te maak. Roeping gaan egter juis in die eerste plek oor jou verhouding met God wat jou roep, jou toerus, jou begenadig en jou verantwoordelik hou.

Roeping en werksetiek gaan hand aan hand. Ons kan ons nie voorstel hoe anders hierdie land daar sou uitsien as die mense wat hulleself Christene noem (80% op 90%?) hulle lewe elke dag as roeping gesien en uitgeleef het nie. Swak dienslewering, korrupsie, diefstal, verkwisting van belastinggeld, lae produktiwiteit of luiheid kan alles (behalwe ook 'n klomp ander faktore soos gebrekkige opleiding, kriminaliteit, ens) op een of ander wyse aan gebrek aan roepingsbesef en roepingsgehoorsaamheid toegeskryf word. Mag God ons daarvan bekeer. CFC

**Ds. Pieter J van der Walt (emeritus, GK Bethlehem) (Centurion)**

# In Christus alleen

Lees: Eksodus 34:28-35; 2 Korintiërs 3
Teks: 2 Korintiërs 3:13-15, 18
"Ons is nie soos Moses wat sy gesig met 'n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was. Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo. Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand ... Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Die wet van die Here verkondig die wil van God. Dit laat ons ons sonde besef, maar die wet alleen, en selfs die stiptelike nakoming van die wet, kan nooit vir ons die ware lewe gee nie. Die ware lewe, hier en in die ewige hiernamaals, is alleen *in Christus* te vind, nêrens anders nie!

**'n Sluier of 'n bedekking**

Paulus gebruik hierdie mooi eenvoudige beeld van "'n sluier" of "'n bedekking" 'n paar keer in hierdie gedeelte wanneer hy oor die wet praat. Hy verwys dan terug na Moses toe hy op die berg Sinaï die wet in ontvangs geneem het, toe hy sy gesig met 'n sluier bedek het (Eks. 34:33-35).

Hierdie gebeurtenis op die berg Sinaï was seker een van die uitstaande gebeure in die Ou Testament toe Moses veertig dae en nagte in die teenwoordigheid van die Here was (Eks. 34:28)! Hoe aangrypend moes dit nie gewees het nie! "Wanneer Moses na die Here toe gaan om met Hom te praat verwyder hy die doek tot na sy terugkoms. Wanneer hy van die Here af terugkom, sê hy vir die Israeliete wat die Here hom beveel het. Wanneer die Israeliete sy gesig sien blink, trek Moses die doek oor sy gesig totdat hy weer met die Here gaan praat" (Eks. 34:33-35). Moses het dus iets gesien, iets aangrypends, iets geweldigs, wat hy nie vir die volk kon wys nie: die heerlikheid van God! Daarom het hy sy gesig met 'n doek, 'n sluier, toegemaak as hy van die Here af na die volk toe kom.

Iets hiervan tref ons aan wanneer die hoëpriester eenmaal per jaar, op die Groot Versoendag, in die allerheiligste van die tempel ingegaan het. In die allerheiligste was hy in die teenwoordigheid van God waar die ark met die gerubs en die versoendeksel gestaan het, die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Ook hier tref ons 'n bedekking aan. Die volle heerlikheid van God word met 'n voorhangsel, 'n sluier bedek. Niemand anders as die hoëpriester mag in die allerheiligste ingegaan het nie.

Wanneer 'n mens vandag by die klaagmuur in Jerusalem staan en die Jode sien bid met al hulle gebedsbriefies wat hulle tussen rotsblokke indruk, of wanneer jy Jode na hulle sinagoges sien gaan en besef hulle lees die Ou-Testamentiese geskrifte, die wette van Moses oor en oor, maar hulle kom nie by Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker uit nie, dan besef jy daar is 'n sluier oor hulle verstand getrek. Hulle kyk Jesus mis! Hoe arm is hulle nie! Tragies, nie waar nie.

**In Christus alleen**

Die skadugodsdiens van die Ou Testament het die heerlikheid van God verkondig, maar helaas nie die volle heerlikheid nie. So het die priesters offers in die tempel gebring, maar hulle offers kon nie die sondes wegneem nie. Daar was 'n sluier, 'n bedekking oor. Die Ou Testament het die Messias verwag en herhaaldelik oor sy koms geprofeteer, maar daar was 'n skadu oor. Jesus Christus moes nog kom, maar niemand het presies geweet wanneer nie.

Nou kom Paulus en hy sê dit in die teksvers so mooi: "… maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo" (3:14). In die Grieks staan: "… maar die sluier word *in Christus* verwyder …" Die koms van Christus in die vlees het alles verander. In Christus is die volle heerlikheid van God geopenbaar! In Christus het die volle lig deurgebreek! In Christus is die profesieë van die Ou Testament vervul.

Moses het op Sinaï die heerlikheid van die Here aanskou, maar hy kon dit nie aan die volk toon nie. Hy moes dit met 'n sluier voor sy gesig doen.

Ook Paulus kon nie uitgepraat raak oor die heerlikheid van God wat hyself aanskou het toe hy as apostel op pad na Damaskus geroep is nie. Hy het besef dit is die Here wat met hom praat. So het hy as geroepene van die Here kontinente deurkruis om die evangelie van verlossing in Christus te verkondig.

Die wonder is: in Christus is die sluier, die bedekking, die skadugodsdiens, weggeneem. Deur sy lyde, sterwe en opstanding uit die dood is die voorhangsel geskeur sodat daar vrye toegang tot God kon kom vir almal wat glo.

Met Jesus se hemelvaart is die weg na die Vaderhuis vir al God se uitverkore kinders gebaan. Die wonderlike waarheid is: in Christus is die sluier weggeneem! Die wet en die slaafse onderhouding van die wet was nie langer die een en die al nie. In Christus het die nuwe dag gebreek! Dit is die sentrale inhoud van die evangelie en dit glo ons met ons hele hart. Dit open nuwe perspektiewe vir al God se kinders!

**Ons wag steeds**

En tog … tog wag ons steeds. Ons wat nou lewe, wag steeds met 'n sug van verlange om God se volle heerlikheid deelagtig te word. Ons sien steeds soos deur 'n spieël in 'n raaisel. Die volle openbaring van God se heerlikheid moet nog kom, en niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie. Ons kan nie wag om God te sien soos wat Hy werklik is nie, van aangesig tot aangesig.

Eers by die wederkoms van Jesus sal die sluier finaal weggeneem word. Dan sal alles geopenbaar word en sal ons God in sy volle heerlikheid sien. Onbeskryflik sal dit wees, die Vaderhuis in die hemel, die nuwe Jerusalem! Geen mensewoord en geen mensetaal kan dit uitdruk of beskrywe nie.

Dit is alles moontlik, in Christus alleen! Daar is geen ander manier nie, geen ander pad daarheen nie, alleen in Christus! Dit is die klimaks van die evangelie! Dit is die mooiste Christusprediking wat daar is! Niemand kom by die Vader behalwe deur Jesus Christus nie (Joh. 14:6).

**Wat moet ons doen, synde in hierdie bedeling?**

Een klein woordjie wat so baie beteken, vat dit saam: Glo! Ek moet glo, kinderlik en opreg glo, dat ek in Christus God sal sien. Ek moet glo dat Jesus Christus vir my 'n plek in die Vaderhuis berei het. Ek moet glo dat die sluier vir my in Christus finaal weggeneem sal word wanneer Jesus weer sal kom om al sy kinders by Hom in hemelse heerlikheid te vergader.

Geloof is 'n geskenk van die Heilge Gees. Geloof is egter soos 'n plantjie wat moet kos kry. Ek moet my geloof met die Woord van God voed. Lees jou Bybel, bestudeer dit, gaan gereeld kerk toe om te luister na die verklaring van die Bybel en neem aan die sakramente van die doop en die nagmaal deel. Woon Bybelstudies by. Al hierdie dinge maak nuwe geloofsperspektiewe oop.

Synde in hierdie bedeling klink die roepstem van bekering elke dag vir God se kinders op: altyd terug na Jesus Christus! Altyd terug na die kruis waar Jesus Christus met sy liggaam en bloed vir ons sondes betaal het.

Lewe elke dag in Christus; volhard in die geloof dat Jesus weer kom – dan sal die sluier wat nog skeiding maak, finaal weggeneem word! Dan sal ons in Christus deel hê aan die volmaakte ewige lewe! DK

# Is 'n sinode regtig nodig?

Wanneer hierdie uitgawe verskyn, is die Algemene Sinode van 2015 reeds agter die rug. Ons kan in hierdie uitgawe reeds oor sommige besluite rapporteer. En, soos gewoonlik, sal daar uiteenlopende reaksie op sommige besluite wees. Die redaksie oorweeg om in hierdie en volgende uitgawes kommentaar en moontlike diskussie op sommige besluite te plaas, sonder om die sinode in *Die Kerkblad* weer te hou.

Die sinode vergader elke drie jaar, met groot koste en tyd. In die tyd waarin ons leef, is daar ook kerke wat hulle nie meer aan sinodebesluite hou nie. Daar was in die geskiedenis ook lang tye waarin daar, as gevolg van oorloë en ander omstandighede, geen sinodes plaasgevind het nie. In Suid-Afrika is die eerste sinode in 1824 gehou, terwyl Jan van Riebeeck en sy mense reeds in 1652 die gereformeerde godsdiens hierheen gebring het en verskeie gemeentes reeds teen 1824 bestaan het.

Dit alles laat die vraag ontstaan of 'n sinode werklik nodig is. Kan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie ook sinvol bestaan sonder om sinode te hou nie? Het dit sin om besluite te neem as daar kerke is wat hulle nie daaraan steur nie?

'n Sinode is nie kerk nie. Dit is die verskil tussen die Gereformeerde kerkbeskouing en ander beskouings waar 'n sinode "die hoogste gesag" is wat met 'n meerderheid van stemme besluit. 'n Sinode is ook nie 'n studieliggaam of 'n Bybelstudiegeleentheid of 'n missionale konferensie nie. 'n Sinode is egter wel 'n vergadering van kerke. Elke kerk (gemeente) is selfstandig, die volle openbaring van die liggaam van Christus. Gereformeerde kerke is egter nie onafhanklik van mekaar, independentistiese, nie. Die Here vergader sy kerk "in die eenheid van die ware geloof " (HK So. 21). Om 'n Gereformeerde kerk te wees, beteken om met ander Gereformeerde kerke een te wees op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde. Anders gestel: Gereformeerde kerke is met mekaar een in die leer en in die kerkregering. Nog anders gestel: Gereformeerde kerke het met mekaar 'n afspraak (gemeenakkoord). Dit is op hierdie grondslag of fondament dat Gereformeerde kerke met mekaar in sinode (letterlik *syn odos* in die Grieks – saam op pad) vergader om mekaar in die regering van die kerk by te staan, mekaar te help om waarlik kerk in die Bybelse sin van die Woord te wees. So word daar aan die begin van elke sinode (ook elke klassis en streeksinode) van die kerke verwag om instemming te betuig met die "Openlike Verklaring" waarin die grondslag van die Woord, Belydenis en Kerkorde eksplisiet gestel word.

Hierdie instemming met die "Openlike Verklaring" is 'n unieke werkswyse binne die GKSA en nie 'n blote formaliteit nie. Die kerke sê daarmee openlik vir mekaar, vir alle ander kerkgemeenskappe en vir die wêreld onder andere die volgende: "Ons omhels van harte en met 'n goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland in die jare 1618-19 vasgestel en uitgegee is as ons belydenis, en ons beloof om dit deur die genade van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte. Ook die liturgie deur genoemde sinode vasgestel, aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens. Met betrekking tot die kerkregering sal ons ons hou aan die kerkorde van bogenoemde sinode van Dordrecht soos dit gewysig is deur die sinodes van die GKSA. Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en betrag, nooi ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap ..."

Dit beteken dus dat die besluite van 'n sinode die toets van die Skrif, Belydenis en Kerkorde moet slaag. Dit beteken ook dat sake wat die Belydenis en Kerkorde raak, die kern van 'n sinode se agenda

behoort te vorm. 'n Sinode behoort slegs te handel oor sake wat al die kerke met mekaar in gemeen het. Uiteindelik behoort besluite op 'n Gereformeerde sinode met konsensus (eenstemmigheid) geneem te word.

So het sinodes deur die eeue besluite geneem wat vandag nog bindend is, nie op grond van 'n meerderheid van stemme nie, maar omdat dit tot vandag die toets van die Skrif deurstaan. So was daar die ekumeniese konsilies wat die Belydenisskrifte geformuleer of aanvaar het. Ons kan hier onder andere dink aan die Konsilie van Nicea (325 nC), waar die eerste formulering van die Belydenis van Nicea gedoen is, die Konsilie van Konstantinopel (381 nC), waar die Belydenis van Nicea finaal geformuleer is, en die Konsilie van Chalcedon (451 nC), waar oor die twee nature van Christus geformuleer is dat die menslike en Goddelike natuur in een Persoon verenig is, maar nie met mekaar vermeng is nie.

In ons eie kerklike tradisie was die Sinode van Dordrecht (1618-19) 'n deurslaggewende vergadering (vgl. hierbo die verwysing na die "Openlike Verklaring"). Daar is die Dordtse Leerreëls opgestel as belydenis waarin die dwaling van die Remonstrante of Arminiane (vandag onder andere die Pentekostalisme) verwerp is. Hierdie belydenis is op dieselfde sinode saam met die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis as die belydenisgrondslag van ons kerke aanvaar (die Drie Formuliere van Eenheid). By Dordrecht is ook die Dordtse Kerkorde opgestel wat ons steeds (met geringe wysigings in die lig van plaaslike omstandighede) as Kerkorde van ons kerke aanvaar, as suiwere toepassing van die Skrifbeginsels en belydeniswaarhede vir die praktyk van ons kerkwees. Gereformeerde kerkgemeenskappe wêreldwyd neem besluite as voortsetting van hierdie tradisie. Mag dit ook so wees wat die pas afgelope Algemene Sinode van die GKSA betref. Die tyd sal dit leer.

Kerke wat hulle, om watter rede ook al, nie aan besluite hou wat op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde geneem is nie, handel in stryd met die gemeenakkoord en stel hulleself uiteindelik de facto buite die kerkverband met die res van die GKSA. Oor die eenheid van ons kerkgemeenskap moet ons met heilige erns waak. Dit is ons Godgegewe roeping. CFC


# BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




**R85.00 (posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R130 (posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R70.00 (posgeld en verpakking uitgesluit)**

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

**Prof. PP (Paul) Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom**

# God praat Afrikaans

**'n Nuwe vertaling**

Gedurende 2014 het die proefvertaling van die Nuwe Testament en Psalms van die BDV (Bybel: 'n Direkte Vertaling) verskyn. Dis 'n vertaling waarna ons uitsien, te meer omdat die GKSA oorspronklik die inisiatief geneem het om vir so 'n tipe vertaling te vra. Verskeie van ons teologiese professore en predikante is by die projek betrokke. Proff. Herrie van Rooy en Gert Jordaan is onderskeidelik op die redaksiekomitees van die Ou en Nuwe Testament om afrondingswerk te doen.

Daar is 'n duidelike vertaalopdrag om die brontale so getrou moontlik in hedendaagse Afrikaans weer te gee. Daar word tans hard gewerk om die Ou Testament te voltooi. Lidmate word gevra om op Ou- en Nuwe-Testamentiese boeke wat tans voltooi is, kommentaar na die Bybelgenootskap te stuur.

**So baie vertalings**

'n Nuwe vertaling wat 'n ouer vertaling aanvul of wat dit selfs in die erediens of vir persoonlike gebruik vervang, laat die vraag ontstaan of 'n vertaling werklik die Woord van God kan wees. Skep nuwe vertalings nie onsekerheid oor wat God nou eintlik gesê het nie?

Die vraag verdiep as 'n mens let op die aantal vertalings wat daar beskikbaar is. In Afrikaans is daar tans drie vertalings van die Bybelgenootskap, naamlik die 1933/53-vertaling, die 1983/91-vertaling en die ABA (Bybel vir Almal, oorspronklik die Afrikaanse Bybel vir Dowes). Daarby is daar baie ander vertalings wat deur privaat inisiatief onderneem word, waarvan die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) van CUM-boeke die bekendste is.

'n Verskeidenheid vertalings is nie vreemd aan ander tale nie. In Nederlands is daar by die halfdosyn bekende en redelik algemeen gebruikte vertalings. In Engels is daar meer as 'n dosyn bekende en redelik algemeen gebruikte vertalings, maar na bewering in totaal meer as 200 Bybelvertalings. Onder die bekende Engelse Bybelvertalings is die King James Version (KJV) en New King James Version (NKJV), New International Version (NIV), New American Standard Bible (NASB), Jerusalem Bible (JB) en New Jerusalem Bible (NJB), English Standard Version (ESV), Today's English Version (TEV), ook bekend as die Good News Bible, Contemporary English Bible (CEV), The Living Bible (TLB) en New Living Translation (NLT).

Watter van die baie Bybelvertalings is nou eintlik die betroubare Woord van God?

**Praat God net Hebreeus en Grieks?**

Is dit nie dalk 'n oplossing om te sê dat slegs die "oorspronklike" Bybel in die brontale die Woord van God is nie? In die geval van die Ou Testament is dit dan die Hebreeuse Bybel (met minder as 1% daarvan ook in die Aramese taal). In die geval van die Nuwe Testament is dit dan die Grieks. Is dit nie waarom ons Teologiese Skool soveel moeite doen om die brontale vir voornemende predikante te leer nie – dat hulle die eintlike Bybel kan lees?

Daar is vertalings in omloop wat wel in 'n moderne taal is, maar wat van (veral) Hebreeuse uitdrukkings deurspek is. In plaas van *verbond* word die woord *beriet* gebruik. In plaas van die Naam *Jesus* word die Hebreeuse *Joshua* gebruik. In plaas van Christus word deurgaans van die Messias gepraat. Bring dit ons nie dalk nader aan God se openbaring nie – om die brontale, veral die ouer Hebreeus, te gebruik?

Daar was lank die siening dat Hebreeus en Grieks heilige tale is. Die Bybel is juis in dié tale gegee omdat dit God se openbaring beter as ander tale kan dra, so word gemeen.

By die twee ander wêreldgodsdienste wat klem lê op 'n heilige boek kry 'n mens die gedagte dat

slegs die oorspronklike taal geldig is. Vir die Moslem is slegs die Arabiese Koran gesagvol. Daarom word dit in die moskee en oor radio slegs in Arabies aangehaal – en dan vry verduidelik in 'n moderne taal. Die ortodokse Jood lees die Ou Testament slegs in Hebreeus in die sinagoge. Daar is egter wel hedendaagse Joodse groepe wat van vertalings gebruik maak. Reeds voor die koms van Jesus Christus was daar die bekende Septuaginta, 'n Griekse vertaling van die Ou Testament, wat wyd gebruik is. Tog bly die neiging onder Jode om na die Hebreeus terug te keer. Die gedagte is dat Joodse kinders dele van die Ou Testament in Hebreeus sal leer.

Dat die Bybel slegs in die brontale gesagvol is, was egter nog nooit die siening binne die kerk van Christus nie – met die uitsondering van enkele splintergroepe. Reeds in die eerste eeue is die Bybel vertaal, waaronder in Siries en Latyn. Die wonder van Pinkster was dat elkeen God se dade in sy eie taal gehoor het (Hand. 2:8). Vertaling in die taal en idioom van die eie tyd en taal is ’n voortsetting van hierdie Pinkstergebeure. Die kerk van Christus word gekenmerk deur sy ywer om die Woord van God werklik in die eie taal aan al die nasies te bring.

Wanneer ’n vertaling gepubliseer word, staan daar buite-op: Bybel. Daarmee word bedoel: hierdie boek *ís* God se Skrifwoord.

**Praat God net deur ’n spesifieke vertaling?**

Dit het in die geskiedenis gebeur dat daar lank van bepaalde vertalings gebruik gemaak is. Die vertalings het gewoonlik ontstaan om orde op sake te bring in die lig van verskeie privaat vertalings, selfs vertalings waarvan die kwaliteit onder verdenking was. Sommige van die vertalings was die eerste werklik goeie vertaling in 'n bepaalde taal, wat juis daarom besondere hoë aansien gekry het.

- Die Vulgata was ’n vertaling van die Bybel in Latyn deur Hiëronimus in opdrag van pous Damasus. Die Vulgata was in die Middeleeue feitlik die enigste Bybel van die Westerse (Roomse) Kerk, tot so ’n mate dat dit soms as die enigste gesagvolle teks beskou is.
- Maarten Luther het in 1521-1522 die Nuwe Testament uit Grieks in Duits vertaal. Later het ander hom gehelp om ook die res van die Bybel te vertaal, sodat die Lutherse Bybelvertaling in 1534 verskyn het. Dit was nie die eerste vertaling in Duits nie, maar die invloedrykste. Vir baie Duitsers het dit dié Duitse Bybel geword.
- In Engeland het koning Jakobus in 1604 opdrag gegee dat ’n standaard vertaling gedoen moet word. Omdat dit die amptelike vertaling van die Anglikaanse Kerk was, het dit as die Authorised Version (AV) bekend gestaan, maar dis beter bekend as die King James Version (KJV). Daar is vandag die sogenaamde King James Only Movement, wat die uitsluitlike gebruik van die KJV voorstaan. Vir hulle is slegs die KJV die naam Bybel waardig.
- Die Sinode van Dordrecht (1618/19) het geoordeel dat ’n nuwe vertaling in Nederlands, gegrond op die brontale, noodsaaklik is. Die Sinode het die State-Generaal versoek om so ’n vertaling te laat doen, wat in 1626 die opdrag gegee het. In 1637 is die sogenaamde Statevertaling goedgekeur. Dit was die Bybel wat Jan van Riebeeck Kaap toe gebring het en wat die Voortrekkers die binneland ingedra het. Vir ons voorouers was dit die enigste Bybel wat hulle geken het.
- Ná verskeie proefvertalings het die Bybel in Afrikaans in 1933 verskyn, wat ons deesdae as die 1933-vertaling ken. Dit was vir baie jare die (enigste) Bybel vir Afrikaanssprekendes en het daarom ’n besondere posisie en aansien.

Bepaalde vertalings word by voorkeur in die erediens gebruik, asook vir persoonlike Bybelstudie, en daarom word so ’n vertaling dit wat jy aan jou hart bind. Jy onthou en memoriseer dele van so ’n vertaling. Dit is nie verkeerd om ’n spesifieke vertaling as uitgangspunt te gebruik nie. Die gevaar is egter om so ’n vertaling as die enigste geldige vertaling te beskou, asof net dit die Bybel is. Die gevaar is ook om aan ’n ou taalvorm vas te hou wat ’n nuwe geslag nie meer verstaan nie.

**Watter vertaling?**

Ten slotte kan die vraag gevra word watter van die baie vertalings die geskikste is. Dit is ’n vraag wat nie maklik binne die bestek van hierdie kort artikel beantwoord kan word nie. Daar is baie faktore wat belangrik is. Die volgende kort riglyne kan gegee word:

- Daar is ’n plek vir sowel vryer vertalings (vertalings wat meer op die doeltaal konsentreer) as meer

direkte vertalings. Elk het sy besondere gebruik. Vir liturgiese gebruik en ernstige Bybelstudie is dit goed om ’n meer direkte vertaling te gebruik en dit met ander vertalings te vergelyk.

- Gee voorkeur aan vertalings wat deur ’n proses van kontrole gegaan het, soos die vertalings van die onderskeie Bybelgenootskappe. Op die internet kan jy nalees hoe die vertaalproses van ’n betrokke vertaling verloop het en of daar ’n span kundiges was. Hoewel daar goeie privaatvertalings is, kan ’n vertaling van ’n enkele individu eensydig wees. Die kanse van doelbewuste skeeftrekkings en wanvoorstellings in gekontroleerde vertalings is relatief min.
- Ons het nie die oorspronklike geskrifte nie, maar slegs afskrifte, wat variasies bevat. Nuwere vertalings gebruik gewoonlik ’n saamgestelde bronteks wat op nuwere navorsing berus. Gelowiges verskil oor die vraag wat die beste bronteks is. In verreweg die meeste gevalle is verskille in die bronteks tegnies van aard en raak dit nie die wese van die evangelie nie.
- Engelse vertalings is nie beter as ’n goeie vertaling in jou moedertaal nie. Ek hoor deesdae al hoe meer Afrikaanssprekendes wat die Bybel in Engels aanhaal, asof die Engelse vertalings dit wat in die Hebreeus en Grieks staan, beter kan verwoord. Dis nie waar nie. Ek kan talle voorbeelde noem waar die Afrikaans net so goed of selfs beter kan verwoord wat in die brontaal staan.
- Vir ons predikante is studie van die brontale baie belangrik, want hulle moet vir ons die Woord verder in sy volle rykdom oopmaak. Tog is die wonder: God praat nie net Hebreeus, of Grieks, of Engels nie. Hy praat ook duidelik en ondubbelsinnig in Afrikaans. DK

**Prof. Jan du Rand (buitengewone professor in Nuwe Testament, NWU)**

# Bybelse eskatologie (2)

Dit is lewensbelangrik vir die gelowige se verstaan van die einde en eindtyd om by die heel begin van God se pad met die mens in die paradys te gaan kers opsteek. Soos al opgemerk, ons drink steeds uit dieselfde stroom water waaruit Adam en Abraham hulle dors geles het. Ou en Nuwe Testament is onlosmaaklik deur die een Goddelike verhaal aan mekaar verbind.

Bybelse getuienis oor God se einde vir en met sy eie is 'n proses wat ons teologies vanuit die groter prentjie moet gaan aflees. Om byvoorbeeld wortellangs die wortels van die beeld van die Nuwe Jerusalem in Openbaring 21-22 na te gaan, moet ons terugblaai na die antieke geskrifte, die Ou-Testamentiese getuienis self, en ook die apokriewe boeke om na aanleiding van dié beeld by die takke en vrug van die eskatologiese boom uit te kom. Eers wanneer ons Sion se rol verstaan, maak die Nuwe Jerusalem betekenisvol sin.

Die tipiese Ou-Testamentiese mens se hele leefwêreld was Goddelik bepaal en ook op God gerig. Hulle het uit die hand van God geleef en was deurgaans daarvan bewus dat God in die toekoms sy oordeel oor die goddelose op die “dag van die Here” sal voltrek. Dit het die tipiese Jood se verwagtinge Teo-logies en toekomsgerig laat sin maak. Al gaan dit hoe moeilik, God sal bedags daar voor in die “wolkkolom” en snags in die “vuurkolom” teenwoordig wees tot die einde!

Ons kan ook praat van ’n eskatologiese goue draad van vernuwing wat ons dwarsdeur die Ou Testament herinner aan God se voorbereiding van 'n toekoms vir sy eie. Op die golflengte van vernuwing vang ons saam met die Ou-Testamentiese mens God se boodskap van die einde op. Al sou die Ou Testament nie direkte verwysing (volgens ons verwagtinge) oor die einde voorsien nie, moet ons nie nalaat om dit in die kontoere van sy boodskap raak te lees nie. Dié boodskap is geskakeerd, maar word deur 'n definitiewe toekomsgerigtheid gedra.

Om by vernuwing terug te kom, Esegiël 36-38 profeteer duidelik oor die omvattende effek van God se proses van vernuwing: eers moet die mens self vernuwe deur 'n “nuwe hart” en “nuwe gees” te kry; dan moet die gemeenskap of volk vernuwing ervaar, soos uitgedruk in die toetrede tot die Beloofde Land en die herbou van Israel se stede, veral Jerusalem, om 'n getuie vir die nasies te kan wees (vgl. Eseg. 36:24, 28, 33-36). Ook die natuur moet vernuwe om voedsel te produseer, hongersnood te voorkom en om die nasies te kan voed (Eseg. 36:30, 35). Vernuwing loop uit op God se nuwe toekoms vir sy eie, met die koms van die Messias as stroomversnelling van die Goddelike verlossing.

Die eerste duidelike spore van God se toekomsvisie vir sy eie vind ons in die skeppingsverhaal (Gen. 1-3). Die ewige band tussen Skepper en skepsel hou stand ten spyte van sonde. Namens God moet Adam verantwoordelik oor die skepping “heers”, dit is die diere en plante. Ons kry ook die aankondiging van iemand wat die slang se kop sal vermorsel in God se toekoms vir sy eie (Gen. 3:16-19). Dit is juis die mens se besef van sy onvolmaaktheid wat die smagting na God se volmaakte stimuleer.

God gee kaart en transport vir Noag en sy nageslag deur die verbond (ewige verbintenis) en die versekering van 'n toekoms (Gen. 6). En ná die Babelse verwarring (Gen. 11) skep God orde en roep Abram en bevestig deur 'n verbond, om 'n nuwe volk vir Hom te versamel om God se eie na sy toekoms vir hulle te lei.

Josef se rol in Egipte deur kos aan sy mense te voorsien, pas pragtig in by God se eindtydse verhaal met sy eie. Dan volg die “eerste” uittog (eksodus) uit die onderdrukkende Egipte na die Beloofde Land. Die betekenislyn van eksodusse word ook deurgetrek na die eksodus van die Godsvolk uit ballingskap en weer die “nuwe eksodus” na die Nuwe Jerusalem. Die verbond by Sinai tussen God en sy eie gaan gepaard met die Tien Gebooie as identiteitsaanduidende konstituering van God se toekomsvolk, uit wie se geledere die Messias gebore sou word.

Algaande vind ons 'n verskuiwing vanaf etniese Israel na die geloofsvolk Israel. Dit is 'n belangrike merker op God se eskatologiese pad met sy eie.

Die instelling van die koningskap, al het dit aanvanklik onstuimig verloop, is 'n vingerwysing na die volmaakte Koning wat nog sou kom. Al sou die horisontale instellings teleurstel, weet die Godsvolk op grond van die verbond met Dawid dat God besig is om aan die toekoms van sy eie te werk. Die tempel wat Salomo bou, is nog 'n merker op God se eskatologiese pad omdat die tempel op Sionberg die finale bymekaarkom van God se simboliese vol getal 144 000 is (Op. 14).

Die profete praat van die "oorblyfsel" wat God se guns geniet en nou sy geloofsvolk uitmaak. Aan die einde sal die nasies na Sion stroom om aan God die eer en geskenke te gee. En die Lydende Kneg (Jes. 53) is God se borg van huidige en toekomstige oorwinning. Die ballingskapsprofeet Jeremia beklemtoon die "nuwe verbond" wat 'n stap in die rigting van die einde is.

Esegiël vertel van Israel se herstel op dramatiese wyse in hoofstukke 33-48. Israel sal herontwaak met 'n nuwe hart en gees. Israel sal volgens God se eskatologiese plan die middelpunt wees van God se "nuwe" wêreld (Jes. 60:11-22). En op die "dag van die Here" sal alles hulle klimaks bereik.

Algaande het dit egter duidelik geword dat verlossing en die beloofde "nuwe" nie meer gedurende die loop van die geskiedenis sal realiseer nie, maar dat dit eerder sal aanbreek deur God se ingrype aan die einde van die huidige geskiedenis. Ons noem dit die apokaliptiese (= onthullende) siening. Veral Sagaria en Daniël verteenwoordig hierdie fase op God se eskatologiese pad na die einde. En Maleagi vertel van 'n boodskapper wat kom (Elia) om die pad van die Here gereed te maak (Mal. 3:1; 4:4-6). Gedurende dié apokaliptiese fase het algemene pessimisme oor die hede onder die Godsvolk geheers, omdat die profete se stem stil en die hede uitsigloos geword het.

Deur apokaliptiese geskrifte waarin drome, buitewêreldse reise en engele as tussengangers tussen God en mens voorstel, probeer skrywers soos Daniël om die Godsvolk se krisis draaglik te maak deur hulle denke te verplaas. Slegs God kan die uitsigloosheid en krisis wysig en ten goede oplos. Die Godsvolk word verseker dat God steeds regeer. Veral hoofstukke 8-12 van Daniël moet simbolies en apokalipties vertolk word. Daniël se droom van die besondere beeld met allerlei politieke verbintenisse bevestig net dat God se koninkryk die ander koninkryke sal vermorsel (Dan. 2:36-45). Ook in die gesig van die vier diere sien Daniël rebellie en opstand teen God totdat die klein horinkie hulle verslaan.

Iemand soos "die seun van die mens" kry die mandaat om te heers (Dan. 7:13). Jesus het die titel "Seun van die Mens" op Homself betrek. En Daniël 9 bevat heelwat eskatologiese materiaal wat baie versigtig gelees en verklaar moet word (vgl. *Die Einde*, 86-100). Die groter prentjie van Daniël 9 bevestig net dat God in beheer is van die hede en die toekoms. Selfs Daniël word bang oor wat Hy begin het. So kom skepping en voleinding volgens die Godsplan by mekaar uit.

Die oorblyfsel van God leef in 'n vyandige wêreld, maar moet weet dat die geskiedenis in God se hande is en dat Hy vorentoe iets baie groter gaan doen. Vanuit die Judaïstiese apokriewe geledere verskyn vergelykbare materiaal, veral in 1 Henog, 4 Esra en die Testament van die Twaalf Patriarge. 4 Esra bied boeiende stof, nie met kanoniese waarde nie, maar interessant om die Bybelse eskatologie net toe te lig. Esra kla by God dat dit nie billik is dat die Godsvolk so swaarkry in die ballingskap nie. En elke keer antwoord Uriel namens God en verseker Esra om geduldig te wees, want hy sal later alles verstaan. By die finale oordeelsdag, nadat die dooies opgewek is, sal alles duidelik word.

'n Groot Ou-Testamentiese moment met eskatologiese betekenis vind plaas wanneer Kores die bloudruk uitvaardig dat die bannelinge na hulle land kan teruggaan en die tempel en die heilige stad Jerusalem herbou. In hierdie deklarasie gaan soveel verbondsvoorspellings in vervulling (vgl. Jes. 40-55, veral 44:28), almal binne die verbondsvervulling van die "nuwe verbond", "nuwe eksodus" en "nuwe skepping" wat eintlik die Ou-Testamentiese eskatologie saaklik saamvat. (Vervolg)

**Prof. JH (Amie) van Wyk (emeritus) (Pretoria)**

# Omkopery en korrupsie

**Die voorkoms**

Die aangeleentheid van omkopery en korrupsie geniet tans besondere aandag in Suid-Afrika, veral na ’n aantal gebeure en uitsprake die afgelope tyd. So het pres. Jacob Zuma in Januarie 2014 op Nelspruit gesê dat “die ANC-regering se standpunt bly baie duidelik dat korrupsie beveg moet word waar dit ook al voorkom”. Later het koerante egter berig dat die president beweer het dat die strafregtelike klagte teen hom laat vaar moet word, omdat korrupsie net in die “Westerse paradigma” ’n misdaad is.

Hierdie is maar een (groot) voorbeeld wat verband hou met korrupsie en omkopery wat in ons samelewing voorkom. Dit kom ook baie wyd in Afrika voor. Ek sal nooit vergeet nie dat ek tydens ’n kerklike besoek aan die DRKongo toegang op die lughawe van Lubumbashi geweier is omdat my geelkoorsdokument nie geldig sou wees nie – terwyl dit wel geldig was. Die amptenaar wou my nie deurlaat nie en het volgehou dat bepaalde gegewens ontbreek. Ek het besef dat hy vir omkoopgeld wag en ek het net geweier om vir hom geld te gee. Naderhand het een van ons Kongolese dominee-kollegas my te hulp gesnel en die amptenaar (in Frans) oorreed om my deur te laat.

Omkopery kom ook wyd verspreid in Oos-Europa voor, wat lank onder kommunistiese beheer was. Tydens twee voordrag-besoeke aan Hongarye moes ons telkens verneem hoedat korrupsie die landsekonomie skade betrokken. Eintlik is dit ’n wêreldwye verskynsel en kom dit in alle lande voor.

**Die groot vraag**

Die groot vraag is: Is dit moreel geoorloof, is dit eties verantwoord? Die antwoord is ondubbelsinnig: Nee! Omkopery en korrupsie is ’n immorele en onregmatige benadering wat die goeie waardes en norme in ’n samelewing uitkalwe en ondergrawe. Dit kan op géén enkele manier goedgepraat en goedgekeur word nie. Ook nie die kleiner vorme daarvan nie, deur byvoorbeeld tydens ’n verkeersoortreding vir ’n verkeerskonstabel ’n paar note in die hand te stop.

Van omkopery en korrupsie lees ons dikwels in die Bybel. Twee van die bekendste voorbeelde is die volgende: Die priesterhoofde en die familiehoofde gee die Romeinse soldate ’n groot klomp geld om vir die mense te gaan vertel dat Jesus se dissipels in die nag gekom en sy liggaam gesteel het – en daarom is die graf leeg (Matt.28:12-13). Hy het dus nie waarlik

uit die dood opgestaan nie. Die tweede is dat, toe Paulus voor goewerneur Feliks aangekla is, Feliks gehoop het dat Paulus hom omkoopgeld sou aanbied om los te kom (Hand. 24:26). Uit die Ou Testament is daar nog meer voorbeelde (kyk bv. 2 Kron. 16).

Waarom is dit verkeerd, sowel wat die omkoper as die omgekoopte betref?

1 Die eerste rede is: Dit tas die eer van God aan. Die mens is na die beeld van God geskape, wat onder andere beteken dat hy/sy iets van die karakter van God in sy/haar lewe moet weerspieël. Nou weet ons dat God vir niemand partydig is nie en dat Hy nie omkoopgeld aanneem nie (Deut. 10:17). By die Here God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie (2 Kron. 19:7). God is nie partydig vir leiers nie, Hy bevoordeel nie die ryke bo die arme nie, want Hy het hulle almal gemaak (Job 34:19).

Wanneer iemand hom/haar aan omkopery skuldig maak, vertoon hy/sy nie meer die beeld van God nie, doen daarmee sy/haar Maker oneer aan, en ondermyn sy/haar verhouding met die lewende God. Hy/sy volg dan nie die voorbeeld van Christus – dié beeld van God – na nie.

2 Die tweede rede is dit: Dit korrupteer die medemens. Wanneer iemand sy medemens (gewillig of onwillig) omkoop, breek hy/sy die moraal van daardie persoon af, trek hom/haar in 'n spiraal van onreg in en laat daardie persoon met 'n slegte gewete agter.

3 Die derde rede is dit: Dit korrupteer jouself. Jy as omkoper maak jou skuldig aan 'n wandaad wat jou eie gewete ondermyn en op die lang duur van jou 'n gewetenlose mens maak. Die Bybel beskou dit as 'n baie belangrik dat iemand met 'n goeie gewete sal lewe (1 Pet. 3:16).

4 Die vierde rede is: Dit ondermyn die morele waardes van 'n samelewing. Wanneer omkopery en korrupsie 'n onmisbare deel van die ekonomiese lewe en van die regspraak van 'n land word, is daardie land op 'n afdraande pad. Wanneer tenderbedrog algemene praktyk word en veral wanneer regspraak daardeur aangetas word en regters en landdroste en persone in gesagsposisies maklik omgekoop word, gaan al die rooi ligte aan. In die Bybel is daar baie skerp uitsprake teen omkopery en korrupsie in die regspraak, te meer wanneer dit ten koste van die weerloses en magteloses in die samelewing plaasvind (Eks. 23:8; Jes. 1:23).

5 Die vyfde rede is: Dit benadeel die omgewing. In hierdie verband kan veral gedink word aan tenderbedrog en omkopery waar nuwe myne ontwikkel word en die gebruik van skaliegas (in die Karoo) ondersoek word.

In kort: Korrupsie en omkopery is Godonterend, mensveragtend, samelewing-ondermynend en omgewingsvernietigend. Dit is 'n morele euwel wat hand en tand beveg moet word, veral deur Christene wat met 'n goeie gewete voor God en die mense wil lewe.

Die Woord is só reg: Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad (1 Tim. 6:10). DK

"Is korrupsie en omkopery moreel geoorloof, is dit eties verantwoord? Die antwoord is ondubbelsinnig: Nee! Omkopery en korrupsie is 'n immorele en onregmatige benadering wat die goeie waardes en norme in 'n samelewing uitkalwe en ondergrawe. Dit kan op géén enkele manier goedgepraat en goedgekeur word nie."

**Ds. RL (Roelf) Vorster (emeritus) (Riebeeckstad)**

# Lykverbranding ...

## *as plaasvervanger vir die begrafnis*

Hierdie artikel is al in 2014 ontvang, maar is weens gebrek aan ruimte nie geplaas nie.

Daar is al heelwat oor sogenaamde lykverbranding, of kremasie, geskryf – daarvoor en daarteen. Gewoonlik word in die Bybel gesoek na Skrifgedeeltes wat kremasie afwys, maar sonder sukses, want God se Woord praat nie uitdruklik daaroor nie. Dit maak dan die deur oop vir diegene wat kremasie voorstaan om dit met bloot rasionele redenasies goed te praat.

Die uitgangspunt in die hele debat is myns insiens verkeerd. Dit moet nie gaan oor lykverbranding, kremasie, of verassing as sodanig nie, maar oor wat God se Woord van die *mens se liggaam* sê. Hieroor is die Bybel baie duidelik. *Wat sê die Bybel oor die mens se liggaam?*

**Die Ou Testament**

In Genesis 2:7 staan dat die HERE God *eers* die mens se liggaam uit grond geskape het, en *daarna* lewe aan die liggaam gegee het. Jou liggaam is daarom bepalend vir jou menswees. Elke mens is 'n liggaam met lewe (siel) daarin. 'n Liggaam sonder 'n siel is dus nie meer ware mens nie, maar 'n lyk. Net so is 'n siel sonder 'n liggaam ondenkbaar. 'n Siel sonder liggaam is ook nie meer mens nie.

Hierdie eenheid van liggaam en siel, 'n mens, *behoort aan die HERE God*, want Hy is die Skepper van sowel die liggaam as die siel. *Jou liggaam is God se eiendom.* In Genesis 3:19 word God se oordeel tot die mens *as mens* gerig – nie tot slegs sy liggaam of slegs sy siel nie. Daarby kan God se oordeel ook as 'n "herinnering" aan die mens se nederige oorsprong gesien word – aan dit waaruit sy liggaam gemaak is. God se oordeel kan nie gesien word as 'n moontlikheid dat die mens self sy liggaam tot stof (as) kan maak nie.

Die woord "liggaam" in die Ou Testament is nooit 'n abstrakte begrip nie, maar dui altyd op 'n bepaalde lewende of dooie mens (Num. 6:6; 1 Sam. 31:10). Die Ou Testament verwys ook nie na die liggaam (selfs dié van 'n dooie mens) as iets minderwaardigs nie, behalwe waar *ongelowiges* 'n lyk hanteer – soos die Filistyne met Saul se liggaam (1 Sam. 31:10), of die optrede van mense soos in Deuteronomium 12:31, of soos by *die sonde van Agan* (Jos. 7:25). Koning Josia het die beendere van *afgodsdienaars* laat verbrand (2 Kon. 23:16, 20), ensovoorts.

Uit die Ou Testament kom geen aanduiding dat ek my liggaam kan of laat "veras" na my dood nie. Ons lees wel van lykverbranding, maar dan gaan dit vanweë ongelowigheid by die heidene. Jou liggaam en siel is albei kosbaar vir die HERE God.

**Die Nuwe Testament**

Markus 5:41-43 – Jesus gryp die lyk se hand en sê: "Talita, koemi!" Dit laat ons sien daar bestaan steeds 'n geheimvolle verbintenis tussen die dooie mens se liggaam en haar siel. Dieselfde geld vir Lukas 7:14, Johannes 11:43 en Handelinge 9:40.

Hier onderstreep die Skrif wat ons in die Heidelbergse Kategismus Sondag 1, vraag 1, bely: "Dat ek met *liggaam* en siel, in lewe en *in sterwe*, nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort" (1 Kor. 3:16, 23; 6:15).

Na my dood behoort ook my vernederde *liggaam* steeds aan God. My dooie liggaam is nie bedoel vir die *as*-hoop nie!

**Ons Here Jesus se menslike liggaam**

Jesus Christus se lewende sowel as sy dooie liggaam word besonderlik genoem – Johannes 2:21 19:38, 40; 20:12. Sy liggaam het sowel in sy lewe as in sy sterwe baie groot heilshistoriese betekenis vir ons. Hy moes immers 'n menslike *liggaam* ontvang asook 'n menslike siel (NGB art. 18) om ons na *liggaam* en siel te verlos (HK 15 So. 37).

Die heilshistoriese betekenis van Jesus se menslike liggaam word veral met sy *liggaamlike opstanding* duidelik. Sy *dooie liggaam* het met sy opstanding nie in die graf gebly nie, maar moes lewend daar uitkom. Sy liggaamlike opstanding is nie net 'n onaanvegbare werklikheid nie, maar beklemtoon ook die waarde en betekenis (sin) van *ons liggame*, vir ons menswees in lewe en in sterwe.

Hierby sê 1 Korintiërs 6:15 dat ons liggame Jesus Christus se eiendom is. Die Christengelowige mens daarom nie met sy *lewende liggaam* doen wat hy wil nie. Daarby moet hy weet en glo dat sy toekomstige *dooie liggaam* ook aan die HERE behoort, want dit is bestem vir sy salige opstanding waarvoor Jesus ook kom sterf het. Ook Romeine 12:1 beklemtoon die belangrikheid van ons liggame vir die HERE: "… dat julle liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer …" "Liggaam" beteken hier die hele mens – hoe hy na *liggaam én siel* die HERE dien. Ons mag nie dink die mens se liggaam is iets tweedehands nie – soos die Grieke destyds.

**Watter verband, indien enige, is daar tussen die mens se lewende liggaam en sy afgestorwe liggaam?**

*1 Korintiërs 15:36-44* (sonder om op alle besonderhede in te gaan):

- Verse 36-37: Hier word die beeld gebruik van 'n saadkorrel wat gesaai word, dit ontkiem en 'n plantjie kom op. Die saadkorrel *moet* in die grond gesaai word sodat dit kan sterf (ontbring) voordat dit "lewendig" word, ontkiem, om 'n nuwe plantjie te word. Dit gaan om ontbinding, maar ook om nuwe lewe. Ontbinding is nodig voordat nuwe lewe kan kom, en nuwe lewe kan nie plaasvind voordat daar ontbinding is nie.
- Vers 38: Die HERE "gee" aan die saadkorrel 'n liggaam. Die analogie is duidelik: beide die saadkorrel (liggaam) en die liggaam van die mens word geplant – albei gaan die grond in, met nuwe lewensvorme as resultaat. Die verandering van beide na iets nuuts is 'n almagsdaad van die HERE God. Die mens se dooie liggaam *moet die grond ingaan*, begrawe word, *sodat dit kan ontbind* vir God se herskepping.
- Vers 42: Met die opstanding uit die graf gee God aan die verganklike, ontbinde liggaam heerlike onverganklikheid.
- Vers 43: Dit is uit twee stellinge saamgestel. Albei stellings het die woord "liggaam" as voorwerp. Dit kan só weergegee word: "Die liggaam word gesaai in oneer en word in heerlikheid opgewek. Die liggaam word gesaai in swakheid en word in krag opgewek." Dus: *dieselfde liggaam* wat begrawe is en ontbind het, word opgewek! Só wil die HERE God dit: Die dooie liggaam lê in die graf, blootgestel aan die ontbindende elemente, dit vergaan. Maar tydens opstanding verskyn *dieselfde liggaam* (HK So. 22, vr. 57) in heerlikheid deur God se krag. Verassing kan nie in die plek van ontbinding gestel word nie!
- Vers 44 (in vs 44 word vs 43 meer duidelik): Die HERE God het die mens se liggaam "tweeledig" geskape: sy een deel is materieel (natuurlik), die ander is nie-materieel (geestelik). Die twee dele word in Grieks met twee terme genoem: *suma psuchikon* en *soma pneumatikon*. Die liggaam *psuchikon* word in die graf (aarde) "gesaai" en daaruit word die liggaam *pneumatikon* opgewek. Daar bestaan kontinuïteit tussen die twee, terwyl hulle wesenlik verskil. Dit is egter weer dieselfde tweeledige *liggaam* wat deur God geskep is. Hier is geen aanduiding dat die natuurlike deel enigsins net stof is of stof sou word nie. Regdeur praat die Bybel van *liggaam*. Baie duidelik is dit met watter ewigheidsbetekenis die HERE God die mens se liggaam geskape het. Jou liggaam is vir die HERE kosbaar – dit is vir Hom mooi – baie goed (Gen. 1:31). Onder normale omstandighede wil die HERE dat 'n ongeskonde liggaam "gesaai" word. 'n Gebreekte mieliepit kan nie ontkiem nie …!

**Samevatting**

Uit hierdie kort studie kom die volgende na vore:

- Die HERE God is die absolute Besitter van die mens se liggaam – ook jou dooie liggaam, want Hy is Skepper daarvan – Hy het dit *gemaak*.
- Jou liggaam is bepalend vir jou menswees – 'n liggaam sonder 'n siel is nie meer mens nie, en andersom.
- God se oordeel oor die mens in Genesis 3:19 is 'n oordeel oor die mens *as mens* – nie oor die mens se liggaam nie. Die oordeel "stof is jy en tot stof sal jy terugkeer" gee dus geen geleentheid dat jy jou liggaam tot as/stof kan laat verbrand nie.
- Die Ou Testament ken geen lykverbranding as opdrag van God aan gelowiges nie. Lykverbranding word wel vermeld, maar telkens teen die agtergrond van sonde en ongeloof.
- Die Nuwe Testament nuanseer die mens se liggaam nog fyner, in die sin dat *jou hele liggaam* bestem is vir jou opstanding uit die graf, omdat Jesus Christus liggaamlik uit die dood (graf) opgestaan het. Ook hier is jou dooie liggaam Christus se eiendom. Die argument wat dikwels ten gunste van verassing gebruik word – dat liggame wat op brandstapels verbrand is, of liggame wat vanweë oorlog in die see beland het, tog ook vergaan – is ongeldig. Mense op brandstapels, of hulle liggame in die see, het nie self besluit daaroor nie. Dit was nie normale omstandighede nie. By verassing het jy, of jou familie, daaroor besluit. Kan jy self oor jou liggaam wat aan jou Koning behoort, só besluit?
- Jesus Christus se hantering van dooie liggame, byvoorbeeld dié van Talita (Mark. 5:41-43), openbaar dat daar 'n geheimvolle verbintenis tussen die mens se siel en sy dooie liggaam bestaan (lees HK So. 1, vr. 1).
- 1 Korintiërs 15:36-44 se wonderbare beskrywing van liggaam en siel beklemtoon onteenseglik dat die mens se vernederde *liggaam* bedoel is om in die graf te ontbind, sodat dit met jou opstanding in 'n verheerlikte liggaam kan "ontkiem", verenig met jou siel (lees HK So. 22, vr. 57).
- God se Woord laat 'n onweerlegbare NEE hoor vir die verassing van jou dooie en ook duurgekoopte liggaam. Selfs 'n nissie met "as" daarin in 'n muur maak nie die saak reg nie – dit is geen begrafnis nie!
- *Terloops* – die woord "verassing" wat vir lykverbranding of kremasie gebruik word, is misleidend. Dit wat die familie as "as" gaan ontvang, is nie as soos dié van 'n verbande stuk hout nie, maar grootliks die vergruisde groot bene van die menslike skelet. (Ek het die moeite gedoen om te gaan kyk.)

Dit is my beskeie mening dat verassing in die stilligheid voortspruit uit die ou Griekse sienswyse dat die mens se liggaam minderwaardig is – jou siel se kerker, waaruit die siel verlos moet word. DK

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
*Ons ondersteun graag Die Kerkblad*

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

**Hoofkantoor**
Posbus 31120, Totiusdal, 0134 · Dickensonlaan 1180, Waverley, Pretoria, 0186
**T:** 012 332 3227 · **F:** 012 332 3266 · **E:** info@aros.ac.za · **W:** www.aros.ac.za

## Vakature: Uitvoerende Hoof

Aros, 'n Christelike (reformatoriese) geregistreerde private hoëronderwysinstelling, het 'n vakature vir die Uitvoerende Hoof, beskikbaar.

*Aros is 'n reformatoriese private tersiêre instelling met sy kampus in Waverley, Pretoria, 'n personeel van meer as 60 en om en by 800 studente. Projeksies dui daarop dat die afgelope jare se groei onverpoosd sal voortgaan. Aros bied die statutêr-geakkrediteerde BEd-graad (Grondslagfase) aan en vanaf 2016 DV ook ander kwalifikasies.*

**Hierdie posisie vereis 'n persoon wat aan die volgende kriteria voldoen:**

- Gereformeerd in hart en siel, leer en lewe.
- Goeie insig en kundigheid op die gebied van gereformeerde onderwys en gereformeerde wetenskap op tersiêre vlak.
- Akademies oor toepaslike kwalifikasies beskik.
- Bewese vermoëns en ervaring op die gebied tersiêre onderrig en tersiêre bestuur.
- Vermoë om leiding te gee aan en saam te werk met 'n ervare bestuurspan.
- Ondernemingsgees en innoverende denke om Aros verder uit te bou.
- Goeie kommunikasievaardighede.
- Mens- en taakgerig en gretig om Aros se personeel (en studente) te motiveer om gereformeerde onderwys te bevorder en Aros verder te ontwikkel.

**Aros bied:**

- 'n Roepingsgedrewe uitdaging om gereformeerde onderwys te bevorder.
- Geleenthede om 'n gevestigde en dinamiese organisasie met 'n geselekteerde en besielde personeel op grond van Bybelse beginsels verder uit te bou.
- Onderhandelbare vergoedingspakket.
- 'n Aangename Christelike omgewing.

Aansoeke moet die voorsitter, dr Gerard Hagg of die waarnemende uitvoerende hoof, mnr Niclaas Roets (niclaas.roets@aros.ac.za) voor 3 Maart 2015 bereik. Vir verdere inligting, skakel mnr Roets by 012 332 3227 of 082 449 2414). *Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.* Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

Aros is voorwaardelik by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding tot 31 Desember 2015 as private-hoëronderwys-instelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienr: 2012/HE08/001.

Bo: Afgevaardigdes van Centurion. Links is ds. Gerrit Kruger en heel regs ds. Maarten van Helden

Regs: Ds. Thys Lourens van Middelburg Kaap saam met sy pa, Thys

# Algemene Sinode 2015
## 6 Januarie – 14 Januarie



Bo: Oudl. Johan Howell het al agt sinodes bygewoon – die rekord vir 'n ouderling

Onder: Die klok roep! Oudl. Thys Slabbert


Dr. Douw Breed

# Ds. Cassie Aucamp het 'n paar vrae aan dr. Douw Breed, voorsitter van die Algemene Sinode, gevra

**U was in 2006 ook voorsitter van die Nasionale Sinode. Was hierdie (Algemene) Sinode makliker om te lei?**

Dit was beslis makliker om hierdie Sinode te lei. Ek dink 'n mens het self in kennis gegroei en hopelik ook in wysheid. Die feit dat ons almal tydens die afgelope paar sinodes begin besef het hoe kosbaar ons eenheid in Christus is en hoe groot ons roeping, het veroorsaak dat ons reeds by die afgelope paar sinodes begin het om versigtiger en met groter begrip met mekaar se standpunte om te gaan. Ek dink ook die bediening van die Woord deur ds. Fanie Coetzee en prof. Koos Vorster aan die begin van die Algemene Sinode 2015 het daartoe gelei dat ons as afgevaardigdes erns gemaak het met die duidelike opdrag in die Skrif dat ons nie in dit wat ons sê die Gees moet bedroef nie.

**Wat was vir u die laagtepunte en die hoogtepunte op die Sinode?**

Daar is twee laagtepunte wat ek graag sal wil noem. Eerstens die feit dat ons so bly worstel met die vraag rondom vroue in die besondere dienste. Hoe graag sou ons nie almal wil hê dat ons oor hierdie saak eenstemmigheid kan bereik nie? Hoe verleë is ons nie met die feit dat ons telkens moet erken dat ons ernstig met mekaar verskil oor wat die Here in sy Woord daaroor openbaar? Tot effense troos vir my is dat die kerk, ná die hemelvaart van ons Here, vir jare geworstel het met die vraag of dit noodsaaklik is dat Christene uit die heidendom besny moet word.

Die tweede laagtepunt is mense wat in die media hulle uitspreek oor wat op die Sinode gebeur sonder dat hulle hul behoorlik vergewis wat die konteks is van die Sinode se besprekings en besluite. Ek is egter baie dankbaar vir die gebalanseerde beriggewing van die joernalis, Claudi Mailovich, wat vir lang ure by die Sinode aanwesig was.

Ek sou graag ook twee hoogtepunte wou noem (en daar is beslis meer). Eerstens verwys ek na die deeglike rapporte van die onderskeie deputategroepe wat by die Sinode gedien het. Die een wat ek graag wil uitsonder, is die rapport van die Deputate Omkeerstrategie. Deur hierdie uitstaande rapport kon die Sinode op 'n verantwoordelike wyse gegronde en praktiese besluite neem oor dit wat die Here in ons huidige situasie van ons eis.

Die tweede saak wat vir my uitstaan, is die wyse waarop afgevaardigdes van kerke uit die vorige Nasionale Sinode Middellande (en Klassis Capricon) en uit die vorige Nasionale Sinode Potchefstroom in verskillende deputategroepe saamgewerk het en tydens die Algemene Sinode 2015 saam, sonder onenigheid, kon besin en besluite neem.

**Die Sinode het 'n Memorandum wat die bande met die NG Kerk duidelik uitspel, amper eenparig goedgekeur, terwyl 'n soortgelyke dokument in 2012 afgekeur is. Dink u daar het 'n kopskuif oor die saak gekom?**

Ek dink nie daar het werklik 'n "kopskuif" aangaande hierdie saak gekom nie. Na my oordeel was die probleem die vorige keer dat daar nie vir afgevaardigdes (en kerke) tyd was om die rapport wat by 2012 se Algemene Sinode oor hierdie belangrike saak gedien het, werklik te bestudeer nie.

**Uit die rapporte en besluite van hierdie Sinode, hoe lyk ons bande met kerke oor die wêreld heen?**

Dit was tydens die Sinode duidelik dat die GKSA wêreldwyd met gereformeerde kerke ekumeniese eenheid het. Sommige van hierdie kerke het meer as 'n miljoen lidmate. Ander het min of meer dieselfde aantal lidmate as die GKSA, en sommige is nog kleiner as die GKSA. Uit die aanbevelings van die Deputate Ekumeniese Sake (Buitelands) en die besluite wat die Sinode hieromtrent geneem het, blyk dit dat die GKSA in die ekumeniese bande wat gesluit

is, meer en meer die klem laat val op gereformeerde kerke in Afrika.

Interessant is die feit dat die GKSA tydens hierdie Algemene Sinode bande gesluit het met ’n gereformeerde kerk in Meksiko (6 000 gemeentes en ongeveer 1,2 miljoen lidmate), naamlik die *Iglesia Nacional Presbiteriana de México, A. R. (INPM).* Dié gereformeerde kerk is meer as 140 jaar oud.

Uit rapporte oor ons verhouding met kerke blyk dit ook dat bande tussen die gereformeerde kerke werklik tot diens van God se koninkryk is. Kerke van die GKSA pak byvoorbeeld as gevolg van hierdie verhoudings saam met ander kerke wat in Afrika werk, sendingprojekte aan. GKSA-professore gee lesings by gereformeerde universiteite van die kerke met wie die GKSA bande het, en hulle professore bied ook op Potchefstroom lesings aan. ’n Hele aantal professore van kerke met wie die GKSA bande het, sal DV ook binnekort as buitengewone professore by die NWU aangestel word en begin om hulle teologies-wetenskaplike navorsing in *In die Skriflig* te publiseer.

By hierdie Sinode het ons werklik gesien watter belangrike plek die kerke met wie ons bande het, in ons besinning en besluitneming inneem. Afgevaardigdes van hierdie kerke het baie gebalanseerd aan die bespreking deelgeneem. Veral oor die saak van die vrou in die besondere dienste was dit duidelik dat afgevaardigdes uit die ander kerke ook, soos ons, verskil oor wat die Here in sy Woord hieroor openbaar en dat hulle ook, soos ons, met die saak worstel.

**Met 2012 se Sinode is daar groot verwagtinge geskep rondom wat die “omkeerstrategie” genoem is. Dink u 2015 se Sinode het aan die verwagtinge voldoen? Wat lê nou vir ons in dié verband voor?**

Die rapport oor die “omkeerstrategie” is met groot entoesiasme aanvaar. Die rapport het getuig van behoorlike beginseldenke en het ook praktiese voorstelle gemaak wat deur die Sinode goedgekeur is. Dit is uiters belangrik dat kerkrade die besluit van die Sinode in hierdie verband ter tafel sal neem en werklik daaraan aandag sal gee. ’n Mens dink aan die onderwyser wat vir die kinders vertel het van drie paddas wat op ’n blaar sit. Een van die paddas het besluit om af te spring. Die onderwyser vra toe vir die kinders hoeveel paddas daar nog op die blaar is. Die antwoord: “Steeds drie, natuurlik.” Een het immers nog net besluit om af te spring. Mag die Here gee dat ons nie besluite neem en dat dit maar net by besluite bly nie. As kerkrade, gemeentes en lidmate behoort ons ons voor die Here te verantwoord of ons ernstig is oor die bekering waartoe die Here ons lei.

**Soms moes die voorsitter ook maar “kopkrap”!**



**Daar was in die verlede skerp verdelingslyne oor sake soos die 1983-Bybelvertaling, die wyse van nagmaalbediening en die liedere wat ons in die erediens sing. Dink u in terugskoue op hierdie Sinode daar het groter rustigheid oor die sake gekom?**

Sonder dat ’n mens wil beweer dat almal oor hierdie sake saamstem, is dit glashelder dat daar groter rustigheid gekom het. Ek dink dat ons in geloofsvolwassenheid gegroei het en dat ons, soos die Here in Romeine 14-15 openbaar (vgl. die rapport van die Deputate Eenheid in Verskeidenheid), geleer het om oor nie-wesenlike sake aan mekaar ruimte te gee.

**Die etos en karakter van die NWU is deesdae erg onder skoot. Het die Sinode iets daaroor besluit?**

Vir die GKSA is sy bande met die NWU nog al die jare uiters kosbaar. In die besluite wat die Sinode geneem het, is dit duidelik dat die liefde en agting van die GKSA vir die Universiteit nie verander het nie. Dit

is uit die rapport van die Deputate Christelike Onderwys – Potchefstroomkampus duidelik dat daar ook van die kant van die NWU die afgelope drie jaar vir die GKSA 'n oop deur was. Tydens die besoeke van die Deputate aan die Rektor, prof. Van Schalkwyk, het hy die GKSA versoek om voortdurend die NWU aan die Drie-enige God op te dra. Die Algemene Sinode 2015 het kerke versoek om enige veldtog te steun wat ten doel het om die NWU se Christelike etos uit te bou. Ons dank ook aan prof. Van Schalkwyk wat tydens die Sinode een aand aan al die afgevaardigdes 'n ete aangebied het. Tydens die geleentheid het hy weer bevestig dat die noue band tussen die GKSA en die Universiteit vir hom en die Universiteit van groot belang is.

**Die Sinode kon 2012 nie die saak van vroue in besondere dienste afhandel nie. Dit is nou as "wesenlike saak" na 'n verkleinde, Spesiale Sinode verwys. Laat ons nie nou ons flanke oop met 'n besluit wat nie op vaste kerkregtelike bene staan nie?**

Die vraag of die "Spesiale Sinode" wel kerkregtelik op vaste bene staan, is in die rapport aan die Sinode beredeneer. Tydens die Sinode was daar ook baie ruim geleentheid gegee om die kerkregtelikheid van so 'n sinode te beredeneer. Die Algemene Sinode het, nadat die saak deeglik oorweeg is, besluit dat die totstandkoming van 'n Spesiale Sinode nie in stryd is met die Kerkorde nie. Dit is inderdaad so dat die Spesiale Sinode 'n "verkleinde" sinode sal wees. Hierdie Sinode sal egter, vanweë die wyse waarop dit sal funksioneer, aan lidmate en kerke geleentheid gee om met betrekking tot die saak ter tafel, voorleggings (skriftelik of mondeling) aan die Sinode te maak. Die bedoeling is dat lidmate en gemeentes deeglik en ordelik betrek sal word voordat besluite geneem word. Hierdie Sinode kan ook net sake wat deur die Algemene Sinode na hom verwys is, ter tafel neem en sal daarop gerig wees om uit die Skrif tot eenstemmigheid te kom. Omdat die getal afgevaardigdes nie so groot sal wees nie, en omdat die Sinode waarskynlik met tussenposes sal vergader, sal daar meer ruimte wees om standpunte te weeg en na Skrifgetroue oplossings te soek.

**Hoe het u die Sinode beleef?**

Ek het die Sinode baie positief beleef. Oor ongeveer 95% van die sake wat ter tafel was, was daar groot eenstemmigheid en entoesiasme. Vir die res van die sake waaroor ons werklik met mekaar verskil het, was daar ruim – eintlik baie ruim – geleentheid gegee om die sake te beredeneer en te weeg. Ek is in my gemoed oortuig dat afgevaardigdes uit die rapporte wat gedien het en uit die bespreking daaroor, telkens genoeg geleentheid gebied is om met verantwoording teenoor die Here 'n besluit te neem. Die feit dat ook die aanvullende rapporte reeds voor die Sinode aan alle afgevaardigdes gestuur is, het gesorg dat almal goed voorbereid na die Sinode kon kom en gereed was om standpunte in te neem en te besluit.

Groot dank aan dr. Wymie du Plessis en ds. Carel Jansen en almal wat gesorg het dat reëlings voor die tyd en tydens die Sinode so glad verloop het.

**Hoe sien u die toekoms van die GKSA ná hierdie Sinode?**

Die Sinode het aan my persoonlik baie moed gegee vir die toekoms van die GKSA. 'n Paar sake staan vir my uit:

- Die biddende gerigtheid waarmee kerke erns met die wil van die Here maak. Mag dit wees dat dit wat ons by die Sinode waargeneem het, 'n aanduiding is dat die Here ons gedagtes vernuwe. As Hy ons gedagtes vernuwe, sal ons kan onderskei wat sy wil is en wat vir Hom goed en aanneemlik is (Rom. 12:1-2).
- Die versigtigheid, maar ook eerlike openhartigheid waarmee afgevaardigdes met mekaar omgegaan het in die sake waar daar werklik verskille was. My bede is dat dit wat ons ten opsigte van ons verhoudings met mekaar op die Sinode waargeneem het, 'n aanduiding is dat ons gehoorsaam is aan die Gees met Wie God ons beseël het – dat ons die Gees nie bedroef in ons kommunikasie met mekaar nie (Ef. 4:30).
- Die feit dat die Sinode uitdruklik besluit het dat ons in die toekoms erns moet maak met die onderskeid tussen sake wat wesenlik is en sake wat belangrik is, maar wat tog nie-wesenlik sake is nie (vgl. Rom. 14-15). Aan die een kant wil ons in die toekoms voorkom dat mense se gewetens deur besluite van meerdere vergaderings gebind word, en aan die ander kant wil ons sorg dat ons nie ongehoorsaam is aan dit wat ons Here ons beveel nie.
- Die entoesiasme waarmee kerke besluit het dat ware bekering dringend nodig is en dat ons daadwerklik gehoorsaam moet wees aan die Here en getrou sy Blye Boodskap moet verkondig. Mag die Here gee dat hierdie bekering by ons as voorgangers, ons as predikante, ouderlinge en diakens begin. Mag ons kerke tot eer van die Here met groot entoesiasme biddend uitvoering gee aan besluite wat ons saam as kerke geneem het. DK



Bo: Emerituspredikant ds. Abie Pelser het ook kom inloer.



Ds. Cassie Aucamp en sy broer Pieter van Klerksdorp-Noord.

Ds. Casper Breed (regs) en sy broer.

Onder:
Dr. Douw Breed en sy broer, prof. Gert Breed.

Ds. Henk Stavast (links) en sy broer, ds. Arie Stavast.

# Groeteboodskappe

- **Oudl. Kees Roose** van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in sy groeteboodskap die GKSA aangemoedig om nie aan die eise van die wêreld toe te gee nie.
- **Dr. Davi Gomes** van die Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB) het ons aangemoedig om ons krag in Christus te soek (Kol 2:6-7).
- **Ds. Willem Middelkoop** van die Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland het sy groeteboodskap met die priesterlike seën van Numeri 6 afgesluit.
- **Ds. Peter Borgdorff** van die Christian Reformed Church of North America het die GKSA herinner aan die belangrikheid van eenheid, veral in ons tyd, en ook aan die feit dat ons mekaar nodig het.
- **Ds. Leo Douma** van die Christian Reformed Church of Australia het die GKSA gegroet met die boodskap dat die Suid-Afrikaanse immigrante hulle plaaslike en somtyds sukkelende gemeentes versterk het.
- **Ds. Tony Curo** van die Orthodox Presbyterian Church het in sy groeteboodskap genoem dat ekumeniese verhoudinge 'n voorafskaduwing is van die glorie om alle volke, nasies en tale voor God se troon te hê.
- **Dr. OR Kwon** van die Kosin Presbyterian Church of Korea het die GKSA gegroet met sy besielende boodskap dat hulle 370 sendelinge na 50 lande gestuur het.
- **Ds. Masa Kafong** van die Reformed Church of East Africa het hulle kerke se seëngroete oorgedra.
- **Ds. John Rogers** van die Reformed Churches of New Zealand het die GKSA daaraan herinner dat om Christus getrou na te volg, 'n negatiewe reaksie van die wêreld sal ontlok, maar dat dit ons nie moet bekommer nie, maar dat ons moet aanhou om die waarheid te verkondig.
- **Ds. Patrick Jok** van die Sudanese Reformed Churches het vertel van die verskriklike situasie wat die kerke daar beleef as gevolg van die gewelddadige burgeroorlog in Suid-Soedan, maar het getuig dat hulle geestelik versterk word omdat hulle weet dat God in beheer is. Hulle hou aan om evangelisasie in die vlugtelingkampe te doen. Hulle vra die GKSA se ondersteuning in gebede, diakonale hulp en ook hulp met 'n voertuig. Hulle het ons ook bedank dat ons verteenwoordigers gestuur het om hulle te ondersteun en vir die fondse wat ingesamel is.
- **Ds. Malebongo Kabongo** van die United Reformed Church Congo het ons daaraan herinner dat, hoewel die oorlog in die Kongo beëindig is, die moorde nie gestop het nie. Hy het ook op die verantwoordelikheid gewys wat ons as 'n familie van gereformeerde kerke in Afrika het.
- **Dr. Flip Buys** van die GKSA het 'n boodskap gelewer namens die World Reformed Churches oor hulle visie en belangrike werk om praktiese getuienis in globlae konteks te koördineer. Lesers kan hulle webblad besoek by www.wrfnet.org
- **Ds. Robert Mabonga** van die Presbyterian Reformed Church of Uganda het in sy groeteboodskap vertel van die behoefte aan teologiese en tegniese opleiding in sy land, wat godsdienstige vryheid geniet, maar ongelukkig moet stry teen die voorspoedsgodsdiens. Hulle vra vir voorbidding ten opsigte van die gebrek aan permanent kerkgeboue, die weeskinders in gereformeerde kerke en die oprigting van 'n tegniese skool vir vaardigheidsopleiding.
- **Dr. Ligon Duncan** van die Presbyterian Church of America en rektor van die Reformed Theological Seminary het die Sinode begroet met 'n boodskap wat gefokus het op die herlewing van die gereformeerde teologie in die VSA en verskeie groei-inisiatiewe.

Ds Tony Curto - Orthodox Presbyterian Church

Dr OR Kwon - Kosin Presbyterian Church of Korea

Ds Peter Borgdorff - Christian Reformed Church of North America

Dr Flip Buys

Ds Patrick Jok - Sudanese Reformed Churches



Ds Leo Douma - CRCA

Ds Willem Middelkoop - Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland

Ds John Rogers - Reformed Churches of New Zealand

Ds Masa Kafong - Reformed Church of East Africa

Oudl Kees Roose - Vrye Gereformeerde Kerke

Dr Ligon Duncan Presbyterian Church of America en rektor van die Reformed Theological Seminary

Ds Robert Mabonga - Presbyterian Reformed Church Uganda

# Buitelandse afgevaardigdes

Ds Malebongo Kabongo - United Reformed Church Congo

Dr. Davi Gomez - Igreja Presbiteriana do Brasil

**Ds. SD (Danie) Snyman**

# Eenheid in verskeidenheid

Moet alle Gereformeerde Kerke in alle sake presies dieselfde dink en doen, of kan daar maar verskille wees? En indien daar verskille mag wees, hoe ver kan die verskille gaan voordat dit die eenheid tussen kerke in gedrang bring? Dis die vrae wat al hoe meer opgeduik het soos dit die afgelope dekades duidelik geword het dat alle Gereformeerdes nie meer in alles dieselfde dink en doen nie.

Die vorige Algemene Sinode (2012) was met hierdie vraagstuk gekonfronteer toe daar weereens 'n hele aantal beswaarskrifte teen vorige besluite oor die kwessie van die vrou in die besondere dienste by die Sinode gedien het. Daar is toe besluit dat deputate eers die hele saak van hoe en hoever daar eenheid in verskeidenheid kan wees, moet oorweeg, voordat daar verder oor die beswaarskrifte oor die dekadelange verskilpunt of vroue in die besondere dienste kan dien, gehandel sal word. Daar was veral twee redes vir hierdie buitengewone stap. Die eerste was die groot opgewondenheid oor die absolute eenstemmigheid dat daar by ons kerke 'n nuwe fokus moet kom op die uitdra van die suiwer evangelie van die Here Jesus, soos ons as gereformeerdes dit bely (die "Omkeerstrategie"). Die tweede was die versugting dat ons 'n manier moet kry om die aanhoudende verskille oor sake tot 'n einde te bring.

Hierdie deputate se opdragte was onder andere die volgende (in eie woorde gesê):

- om te probeer bepaal waarom daar oor sekere sake verskille bly;
- in hoeverre die Woord van God 'n verskeidenheid in kerke toelaat;
- hoe die verskeidenheid wat die Skrif toelaat, ons kerke kan help in die uitdra van die evangelie na ander;
- wanneer besluite van kerklike vergaderings mense se gewetens bind.

Die Deputate het toe al die kerkrade genader om hulle siening te gee oor waarom daar oor sekere sake verskille bly. Die redes wat gegee is, het gewissel van verskille in Skrifbeskouing en –hantering tot verskille oor die toepassing van die Kerkorde, en oor die vraag of alle Kerkordeartikels en sinodebesluite dieselfde gewig dra.

Sinode 2015 het in die behandeling van die vraag in hoeverre daar verskeidenheid mag wees, na aanleiding van die Deputate se rapport, weer onder die indruk gekom van 'n baie belangrike onderskeid wat daar in die Nuwe Testament is. Aan die een kant is daar sake (oortuigings en praktyke) waaroor daar onder gelowiges geen verskil mag wees nie. Paulus se streng afwysing van die verkeerde siening wat by die kerke in Galasië posgevat het, wys dat daar oor sekere sake geen verskeidenheid moontlik is nie. Aan die ander kant word die verskil, wat daar onder andere in die gemeente van Rome was (oor die vraag of die vleis wat aan afgode gewy was, deur Christene geëet mag word), heeltemal anders hanteer. Gelowiges word tot vergaande verdraagsaamheid in hierdie saak aangespoor.

Die Sinode het dus besluit dat ons in die toekoms in die praktyk van ons kerklike lewe rekening moet hou met hierdie onderskeid tussen "wesenlike" en "nie-wesenlike" sake. In wesentlike sake moet daar, soos die Here se Woord van ons verwag, volkome eenstemmigheid wees (1 Kor 1:10; Filip. 2:2). In nie-wesenlike sake moet ons mekaar in liefde verdra, en eensgesind saamwerk in die opdragte wat die Here vir ons as gelowiges en kerke gee.

As uitvoering hiervan is daar onder andere deputate aangewys wat ons kerke by 'n volgende Sinode moet adviseer oor hoe in ons Kerkorde die verskil tussen die onveranderlike beginsel (wat nooit losgelaat mag word nie) en die praktiese toepassing (waarin daar dalk in sekere omstandighede verskille toegelaat mag word) duidelik gemaak kan word.

Oor die vraag wat ons dan

moet doen wanneer ons oor wesenlike sake bly verskil, het die Sinode 'n interessante besluit geneem. Die normale manier waarop kerke verskille hanteer, is deur samespreking by 'n gesamentlike vergadering (soos byvoorbeeld by Algemene Sinodes). Hierdie metode is op die voorbeeld wat in Handelinge 15 beskryf word, gegrond. Die harde werlikheid is egter dat verskille soms só diepgaande en ingewikkeld is dat dit nie by die gewone Algemene Sinodes deurgepraat kan word nie. Hierdie Sinodes, wat net eenmaal elke drie jaar gehou word, moet honderde agendapunte onder groot tydsdruk afhandel. Sinode 2015 het dus besluit dat in gevalle waar dit blyk dat gewone sinodes wesentlike sake, wat die potensiaal het om ernstige verdeeldheid in kerke te veroosaak, nie opgelos kry nie, sulke sake na Spesiale Sinodes verwys kan word.

Hierdie Spesiale Sinodes word soos gewone Sinodes saamgestel, net met heelwat minder afgevaardigdes, naamlik vier predikante en vier ouderlinge uit elke Streeksinode. Hierdie Spesiale Sinodes moet dan net met die een saak worstel, totdat eenstemmigheid bereik is. So 'n Sinode, wat dalk lank kan duur, sal waarskynlik nie pal vergader nie, maar 'n werkswyse reël wat gesamentlike sittings net van tyd tot tyd nodig maak. Daar is ook besluit dat alle kerke en lidmate die geleentheid moet hê om insette te kan lewer soos wat sulke Sinodes met hulle werk voortgaan.

Daarna het die Sinode geoordeel dat die verskil in ons kerke oor die vraag of vroue in die besondere dienste kan dien, 'n saak is wat kwalifiseer om deur so 'n Spesiale Sinode behandel te word. Een groot voordeel van hierdie besluit is dat dit die gewone Algemene Sinodes die geleentheid gee om die tyd en geestes-energie wat beskikbaar is, te gebruik vir die oorweging en hantering van die baie wesentlike sake waarin ons van harte met mekaar saamstem en wil en moet saamwerk, by die opbouing en uitbouing van ons Gereformeerde kerklike lewe. (Sien artikel daaroor.)

In die wandelgange is die vraag gevra wat ons gaan doen as daar by die Spesiale Sinode nie eenstemmigheid oor die saak wat soontoe verwys is, bereik kan word nie? My antwoord is dat ons nou nie eers daaraan moet dink nie. As ons as kerke deur middel van die afgevaardigdes na 'n Spesiale Sinode, biddend en opreg en met groot erns en toewyding na Bybelse eenstemmigheid in 'n bepaalde saak soek – waarom sou ons nie van die Here ook die wonderlike uitkoms wat Handelinge 15 beskryf, verwag nie ...? DK

**Prof. Callie Coetzee**

**Kommentaar**

## Vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak

Die Algemene Sinode het op 9 Januarie besluit dat die saak van die vrou in die besondere dienste (predikant, ouderling, diaken), 'n wesenlike saak is (vgl. ook 'n berig in Beeld, 10 Januarie). Hierdie besluit hang saam met 'n ander besluit van die sinode dat "wesenlike" sake voortaan op 'n "spesiale algemene sinode" hanteer kan word, 'n nuwe "struktuur" wat ook deur die Algemene Sinode geskep is.

Die vraag wat na vore kom, is wat presies met die begrip "wesenlik" bedoel word.Uit gesprekke en toeligting nadat die besluit geneem is, blyk dat daar hieroor nie eenstemmigheid is nie. So het 'n dominee op 11 Januarie in toeligting aan sy gemeente die stelling gemaak dat die saak van die vrou in die besondere dienste dieselfde is as die "leer oor die Drieëenheid". Blykbaar bedoel hy daarmee dat 'n "wesenlike saak" soos die vrou in die besondere dienste, 'n belydenis-saak is, op dieselfde vlak lê as die kernwaarhede wat ons in die artikels van ons geloof bely.

So 'n standpunt sou myns insiens uiters problematies en onaanvaarbaar wees. In *Die Kerkblad* van Augustus 2014 het ek reeds in antwoord op 'n vraag van ds. Slabbert le Cornu dit soos volg gestel: "Die kwessie van die vrou in die besondere dienste is wat my betref nie 'n belydenis-saak nie, met ander woorde, dit lê nie op dieselfde vlak as die 'kernwaarhede' van die Skrif wat ons in die belydenisskrifte vind nie. In die gesprek met die NG en NH Kerke moet daar onderskei word tussen sake wat die belydenis direk raak en in die gedrang bring, en ander sake soos die vrou in die besondere dienste".

In al die rapporte en besluite deur die GKSA asook deur Reformatoriese kerke wêreldwyd oor dekades heen, is die saak van die vrou in die besondere dienste sover ek weet, nog nooit as 'n belydenis-saak gesien nie. In die verdere hantering van hierdie saak, sal daar absolute eenstemmigheid moet wees oor wat onder "wesenlik" verstaan word, ten einde groter verdeeldheid as ooit te voorkom. DK

**Ds. Cassie Aucamp**

# Verhouding met NG Kerk op vaste basis

Een van die sake waarvoor Sinode 2015 onthou sal word, is die feitlik eenparige goedkeuring van 'n memorandum wat ons ekumeniese verhoudinge met die NG Kerk uitspel, juis nadat die "*memorandum van ooreenkoms"* in 2012 deur ons Sinode afgekeur is. Die aanvaarding van hierdie memorandum span die kroon op gesprekke tussen die drie Afrikaanse Kerke wat al meer as 'n halfeeu duur.

**Wat behels hierdie memorandum?**

Die memorandum is nie 'n aardskuddende nuwe koers wat die GKSA of die NG Kerk ingeslaan het nie. Die aspekte daarin vermeld druk lang-bestaande besluite en terreine van samewerking in 'n verhoudingsdokument uit, om "*dit wat reeds bestaan, verdere gestalte te gee".* Die kernelemente van die memorandum is:

- Dit is gebaseer op ons gemeenskaplike belydenisgrondslag.
- Dit gee uitdrukking aan 'n historiese lotsverbondenheid.
- Dit spel terreine van samewerking tussen die twee kerkverbande uit.
- Die samewerking tussen kerke op plaaslike vlak verreken die selfstandigheid van die plaaslike kerk ten volle.
- Bowenal is dit 'n uitdrukking van gehoorsaamheid aan die opdrag van ons Here Jesus dat ons in Hom een sal wees.

**Terreine van samewerking tussen die twee kerkverbande**

Met die memorandum fokus ons daarop "*om die bestaande terreine van samewerking te bestendig, te verdiep en te verbreed sodat die eenheid wat reeds bestaan, meer sigbaar kan word."* Dit sluit onder andere in: gesamentlike getuienis – waar moontlik – teenoor owerheid en gemeenskap; gesamentlike deelname aan Bybelvertaling; hervertaling van die belydenisskrifte; studie oor formuliere; gesprekvoering oor liturgie; studie oor etiese kwessies en betrokkenheid by onderwyskwessies.

Die memorandum stel ook in vooruitsig 'n gesamentlike soeke na effektiewer wyses om saam by plaaslike en internasionale ekumene betrokke te wees, koördinering van die twee kerke se barmhartigheidswerk wat gesamentlik gedoen kan word; en voortgesette samewerking in die Tussenkerklike Raad en die Gereformeerde Konvent.

**Op plaaslike vlak**

Waar plaaslike kerke geleenthede sien om daadwerklik saam met mekaar te leef, kan, volgens gebruike en besluite van die plaaslike kerk, die volgende gebeur: aanvaarding van mekaar se lidmate op grond van goeie getuienis van kerkrade; belydende lidmate kan hulle kinders onderling ten doop bring, onderhewig aan goedkeuring van beide kerkrade; volle tafelgemeenskap op grond van goeie getuienis oor leer en lewe; toegang tot mekaar se kansels deur leraars met bedieningsbevoegdheid onder toesig van die kerkraad; gesamentlike eredienste soos en wanneer kerkrade dit nodig ag.

**Enkele vrae**

***Wat van vrouepredikante?*** *Kanselruil mag plaasvind. Die NG Kerk het vrouepredikante, dus kan hulle vrouepredikante in ons kerke preek?*

In die eerste plek: hierdie is nie 'n nuwe besluit nie, maar kom reeds sedert 1882. Om gebruike van die een kerk via die memorandum op die ander kerk af te dwing, is ook hoegenaamd nie die letter of gees van die memorandum nie. Ons stel dit baie duidelik: hierdie sake is onderhewig aan die besluit van die

plaaslike kerk. Plaaslike kerke is tog weer gebind aan ons onderlinge afspraak as Gereformeerde Kerke, soos ook tydens ons sinodes besluit. Dit is dus so dat as die Gereformeerde Kerk op 'n bepaalde plek 'n vrouepredikant uit die NG Kerk toelaat om te preek, dan tree daardie kerk buite ons afspraak op.

Die gesindheid en verhoudinge tussen ons en die NG Kerk, soos uitgedruk in die memorandum wat nou goedgekeur is, is hoegenaamd nie dat dit nou gebruik gaan word om sekere sake waaroor ons verskil, by mekaar se agterdeure in te smokkel nie. Ek is ook oortuig daarvan dat dit die gesindheid is van ons broeders in die NG Kerk. Ons is saam op een pad, maar ons is nie in alles op dieselfde stasie nie, en ons respekteer dit.

***Wat van Belhar**? Die band tussen die GKSA en die NG Kerk, soos in die goedgekeurde memorandum uitgedruk, is gegrond op ons gemeenskaplike belydenis. As die NG Kerk Belhar as belydenisskrif sou aanvaar, moet ons dan sê ons memorandum verval nou, want ons het nie meer dieselfde belydenisskrifte nie?*

Die antwoord is geleë in 'n uitdruklike onderneming in die memorandum: *Die aanvaarding van nuwe belydenisskrifte bring nie die ekumeniese verhouding **noodwendig** in gedrang nie.*

Die klem hier is op die woordjie *"noodwendig"*. Toegepas op die Belydenis van Belhar beteken dit: As die NG Kerk Belhar deel maak van hulle belydenisgrondslag, sal ons in die GKSA die effek van die moontlike aanvaarding van Belhar dan (en inderdaad vir die eerste keer) moet bekyk. Die GKSA het nog nooit 'n besluit oor Belhar geneem nie en Belhar is ook nie op ons tafel nie.

My persoonlike siening is dat as ons dalk dan bevind dat Belhar ons gemeenskaplike belydenis in gedrang bring deur byvoorbeeld in stryd te wees met van ons huidige Belydenisskrifte, dit komplikasies kan hê vir ons verhoudinge wat ons dan sal moet deurpraat.

Sou ons aan die ander kant bevind dat Belhar nie ons belydenis weerspreek nie, al sou ons nie met alles daarin saamstem nie, behoort dit nie ons verhoudinge en samewerking met mekaar in

# 'n Memorandum wat méér as 'n formele papier is

**Dr. Kobus Gerber**
**(Algemene Sekretaris van die NG Kerk)**

Die Memorandum van Ekumeniese Verhouding tussen die GKSA en die NG Kerk is nie bloot 'n ekumeniese oefening of sinodale gimnastiek nie. Ons het op 'n baie besondere oggend, waar God daar was, in sy groot huishouding 'n vaste verhouding met mekaar aangeknoop en ooreengekom oor hoe ons in hierdie verhouding gaan leef. In die konteks van hierdie metafoor (en met my speel met woorde) sien ek die volgende belangrike ankers vir ons verhouding en pad:

- Daar is 'n besondere band tussen ons. Ons noem dit 'n geloofseenheid.
- Ons het mekaar leer liefkry en bou aan ons liefde.
- Ons is op mekaar aangewese.
- Ons sal graag eendag wil trou.
- Ons gaan mekaar en ons verskille respekteer, en met mekaar in gesprek bly hieroor.
- Ons gaan 'n klomp dinge saamdoen en 'n verskil maak waar ons ook al bly.
- Ons wil gasvry met mekaar wees ten opsigte van eredienste, sakramente en ontvangs in mekaar se geloofsgemeenskappe.

Die besluit van die GKSA se Algemene Sinode is nie 'n papier nie. Dit is vir ons twee kerkverbande 'n nuwe lewensfase. Kom ons gee dit aan vir ons lidmate om uit te leef. Kom ons as kerkvergaderings skep vir hulle ruimte om ons te wys hoe.

As ek hoogtepunte van my werk die afgelope 10 jaar moet opnoem, is hierdie 'n baie spesiale een! DK

gedrang te bring nie. Die memorandum plaas ook hoegenaamd geen druk op ons om op moontlike voetspoor van die NG Kerk Belhar te aanvaar nie.

***Waarom 'n memorandum,*** *as die sake wat die memorandum vermeld, grootliks reeds goedgekeurde terreine en wyses van samewerking is?*

Ons moet onthou dat die memorandum verhoudinge uitspel. Tussen enkelinge is 'n skriftelike memorandum daaroor nie nodig nie, twee mense weet mos waar hulle met mekaar staan. Wanneer dit egter kollektiewe verhoudinge tussen gemeenskappe, ook kerkgemeenskappe behels, is dit net goed en ordelik dat daar duidelikheid is, ook in 'n skriftelike memorandum. Plaaslike kerkrade en selfs predikante is dikwels nie bewus van wat oor die jare heen oor hierdie sake besluit is nie.

So 'n memorandum dien ook as aanmoediging om daadwerklik groter samewerking te soek waar dit kan realiseer, en bied vaste merkers waarlangs verhoudinge gebou kan word.

*Wat dan van sake* ***waar die NG Kerk "afwyk****", soos dikwels in die media gerapporteer?*

Laat ons in die eerste plek daarteen waak om beskouinge van enkelinge as "*NG Kerk-afwykinge*" en tekenend van die hele NG Kerkgemeenskap te sien. Kom ons kry maar liewer die amptelike besluite, en handel daarmee.

Verder sê ons in hierdie memorandum juis vir mekaar: *Ons is mekaar se hoeder.* As daar sake is waarin een van ons twee kerkverbande afwyk in leer of lewe, het ons nou 'n vaste verhouding waarbinne ons mekaar kan bemoedig en selfs vermaan.

Een van die ondernemings in die memorandum is juis: *Ons onderneem om binne die raamwerk van die Gereformeerde belydenis en kerkregering met mekaar ... verskille wat die belydenis in gedrang kan bring, aan te spreek.*

**Betekenis en wekroep**

Die wedersydse goedkeuring van hierdie memorandum is inderdaad 'n baken op 'n lang reis tot hier, van gesprekke gevoer en kontoere uitgelê deur ons voorgangers oor meer as 60 jaar. Vanuit hierdie besluit gaan daar 'n getuienis uit: ons is ernstig met ons Here se opdrag tot eenheid. Ons gemeenskaplike gereformeerde erfenis is 'n kosbare kleinood wat ons moet koester. Ons gelyklopende missionêre gerigtheid oor die laaste aantal jare kry groter geloofwaardigheid.

Kom ons bou hierdie verhoudinge uit. Met hierdie memorandum het ons 'n afspraak met mekaar gemaak: dit is ons erns. DK

(NS: Die memorandum is reeds deur die NG Kerk aanvaar.)

**Onder: Ds. Malan van Rhyn en sy seun, ds. Gerhard van Rhyn.**



**Bo: Oudl. Johan Howell en sy seun, dr. Jac Howell.**

**Ds. Piet Venter**

# Die Omkeerstrategie

## *'n hartsveranderende besluit tot groei van die kerk*

**Die kern van die saak**

In 2012 het die Sinode met groot opgewondenheid die opdrag tot die Omkeerstrategie goedgekeur. Met die pas afgelope Sinode het ons kerke met groot erns en ootmoed die voorgestelde strategie goedgekeur. Dat hierdie voorwaar 'n hartsveranderende besluit is, blyk duidelik uit die volgende kernbesluit wat die Sinode geneem het: "In die lig van en in aansluiting by reeds bestaande besluite (sien hierbo) roep die Sinode die kerke om haar te verwonder oor die genade dat ons deel het aan Christus en die verwerkliking van God se ewige raadsplan op aarde deur die voortgang van die evangelie.

**Oproep tot bekering**

In die hart van 'n omkeerstrategie lê die gedagte dat mense nuut moet word. Omkeer is 'n saak van bekering, van dankbare verbintenis en daaglikse hertoewyding aan God, en om jou nie te skaam vir die evangelie van God nie (Rom. 1:16; Op. 2:1-7). Daar is baie dinge waarin die GKSA getrou is aan die Here, maar daar is ook aspekte waarin lidmate (en die GKSA in geheel) tot inkeer moet kom. Een van hierdie aspekte is die gebrek aan 'n missionêre roeping, en dié rapport fokus op

**IN DIE PERS**

**Claudi Mailovich (in *Beeld* 14 Januarie 2015)**

## Gemeente kry hulp om weer "regte pad" te volg

Die Gereformeerde Kerk Linden (GKL) wyk af van 'n gereformeerde bedieningswyse. Dit is die hart van 'n klagte wat reeds in 2009 deur lidmate van dié kerk ingedien is en wat gister in die soveelste appèlsaak deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) gehandhaaf is. Die klaers het glo beweer kinders word toegelaat om nagmaal te gebruik; mense wat nie as predikante bevestig is nie, preek; enige liedere is gesing en ouers kon hulle kinders eerder inseën as laat doop. Die klaers beweer ook daar word in die erediens afgewyk van gebruike waarop die GKSA ooreengekom het. Daaronder is die gebruik van die geloofsbelydenis, die Tien Gebooie en die bevestigingsformuliere vir kerklike dienaars.

Prof. Johannes Smit, een van die appèllante, het vertel die saak was vele kere op die agenda van die klassis. Dit is twee keer in die streeksinode aangehoor. Toe volg die appèl na die algemene sinode, omdat die appèllante gemeen het die tegniese punt waarop die streeksinode die saak toegegee het, raak nie die kern van die saak aan nie.

*Beeld* het betroubaar verneem die GKL het erken die gemeente oortree verskeie bepalings van die Kerkorde. "Dit gaan nie oor die Kerkorde nie. Dit gaan daaroor dat gereformeerde lidmate op 'n gereformeerde bedieningswyse bedien wil word," het Smit gesê.

Die Sinode het die saak, soos alle appèlsake, agter geslote deure aangehoor. Deputate is glo aangewys om die GKL by te staan om terug op die gereformeerde pad te kom. "Daar is by niemand 'n gevoel dat hulle iets gewen het nie. Daar is net dankbaarheid dat die saak na só 'n lang tyd ordelik hanteer kan word," het Smit gesê. "Daar is 'n wens dat nie net die saak nie, maar verhoudinge weer herstel sal word."

Louw van Wyk, voorsitter van die GKL se kerkraad, het gesê hulle het die besluit nog nie gesien nie, en kan nog nie reageer nie.

hierdie besondere aspek. Hierdie klem op die uitbou van die kerk kan nie los gesien en hanteer word van die roeping om die kerk op te bou (bewaring van die kerk) nie.

Die rapport bedoel nie dat die GKSA moet opgaan in 'n apostolaatsteologie, asof die totale doel van die kerk net is om 'n missionale kerk te wees nie, maar omdat die GKSA in haar kerkwees hierdie aspek ernstig verwaarloos, word die klem hierop geplaas. Die rapport sal ook uitwys dat die opbou van die kerk op Bybelse beginsels om 'n gesonde kerk te wees, noodwendig ook tot die uitbou en groei van die kerk sal lei" (Pt 3, p. 432, Aanvullende Agenda, Sinode 2015).

Uit bogenoemde aanhaling is dit duidelik dat die fokus van die Omkeerstrategie op die uitbou van die kerk vanuit 'n gesonde opbou van die kerk val. Dit beteken dus dat elke lidmaat opnuut moet besef dat elkeen van ons 'n verantwoordelikheid het tot die uitdra van die evangelie in 'n wêreld wat dringende behoefte daaraan het. Elke gemeente sal in die lig van die sinodebesluit opnuut moet besin in hoe 'n mate die gemeente besig is om uitvoering te gee aan die Here se opdrag om die evangelie uit te dra. Die gemeente sal toegerus moet word om hierdie taak te verstaan en begelei word hoe hierdie opdrag in hulle plaaslike omstandighede praktiese gestalte kan kry.

**Wat gaan ons doen?**

Die Sinode het ook leiding gegee oor hoe gemeentes praktiese gestalte aan die Omkeerstrategie kan gee deur die volgende besluit te neem:

"Dat in die lig van God se genade 'n spesiale feesdag in die GKSA gereël word waarin ons as kerke God loof en ons langs die weg van verootmoediging opnuut verbind om ons as lewende en heilige offers aan God toe te wy (Rom. 12: 1). Op hierdie dag word ernstig gebid dat die Heilige Gees ons in die volle waarheid sal lei om God weer voor die oë van nie-Christene en Christene deur ons kerke se bediening van die evangelie te verheerlik in Suid-Afrika se stede, dorpe en townships. Alle ander kerke in die land word opgeroep om mee te doen. Saam met hierdie feesdag word 'n Bybelstudie beskikbaar gestel wat in die loop van vyf dae (een dag vir vyf weke) gedoen kan word. 'n Preekreeks gaan hiermee saam. Die Bybelstudie asook die preekreeks volg die breedweg die indeling van die Heidelbergse Kategismus, en die Dordtse Leerreëls hfst. 5, par. 5-7 kan ook gebruik word."

Verder is ook besluit "dat hierdie feesdag opgevolg word met streeksaamtrekke van predikante om saam te besin oor hoe leiding gegee word aan gemeentes oor die omkeerstrategie. Klassisse word aangemoedig om leiding in die verband te neem. Dat hierdie besinningsgeleentheid deur predikante opgevolg word met streekbyeenkomste waar kerke saam kan besin oor die hantering van die Omkeerstrategie deur gemeentes in die spesifieke streek. Te benoeme deputate kan saam met korresponderende kerkrade van klassisse die organisering en inhoud van hierdie byeenkomste hanteer. Dat klasses en kerkrade aanbeveel word om op elke vergadering as staande agendapunt oor die missionale bediening in daardie streek te bid en te besin" (Pt 3.4.6, p. 437, Aanvullende Agenda, Sinode 2015).

**Leiding en verdere toerusting is nodig**

Die studie wat voor die Sinode gedien het, het aangetoon dat so 'n Omkeerstrategie 'n langtermynprojek is wat ernstig deur elke plaaslike gemeente aangepak moet word. Daarom is inligting oor die strategie en toerusting hoe om die verskillende aspekte daarvan in die gemeente te bedien, van uiterste belang. In die lig hiervan het die Sinode ook goedkeuring verleen aan die vestiging van 'n Sentrum vir Bedieningstoerusting en Begeleiding wat onder toesig van die Kuratore sal staan. 'n Persoon moet gevind word om as koördineerder van hierdie sentrum op te tree met 'n wye opdrag met betrekking tot verdere toerusting van predikante, ouderlinge, diakens en lidmate. 'n Vrywillige kollekte is ook goedgekeur om fondse te help genereer vir hierdie doel.

**Naamsverandering**

Die Sinode het verder besluit om die naam van die Omkeerstrategie te verander na Kerkgroeibediening. Die Sinode het besef dat hierdie Kerkgroeibediening nie iets is wat oornag kerkgroei sal bewerkstellig nie, maar dat dit 'n langtermyn bedieningsfokus sal moet wees. By die besef dat alles nie oornag kan gebeur nie en dat enige bedieningsplan êrens moet begin, het die Sinode besluit dat daar eerstens op die bedieningswerk van die predikante gefokus word.

Die kern van die Kerkgroeibediening is die bediening van en verdieping in die Woord. Die predikante speel hierin 'n kardinale rol en daarom word vir die begin op die dienswerk van die predikante gefokus.

**Die plan**

Enige Kerkgroeibedieningsplan (strategie) kan nie alle aspekte van meet af aan toepas nie, maar moet fokus op die kardinale aspekte wat kerkgroei sal bevorder. Uit die studiewerk van die Deputate het duidelik geblyk dat daar sekere kernelemente is wat bedien moet word om kerkgroei (menslikerwys) te bewerkstellig. Dit is God wat sy kerk laat groei, maar Hy gee ook vir ons sekere opdragte in sy Woord om die kerk te laat groei. Hierdie kernelemente vorm dan ook die goedgekeurde Kerkgroeibedieningsplan en kan grafies as volg voorgestel word:

Die fondament van enige bediening is die Woord van God, en daarom vorm verdieping in die Woord van die Here ook die fondament van hierdie plan. Vier bedieningselemente is gekies as fokusareas waarop die Kerkgroeibedieningsplan binne 'n gemeente bedien kan word. Eerstens gaan dit om verdieping in gebed. Tweedens om die geloofsgroei van lidmate en die groei in getalle van mense wat na die Here gelei word. Derdens moet daar gefokus word op die opleiding van predikante en die toerusting van lidmate wat in die besondere dienste staan sowel as alle ander lidmate. Laastens moet die strukture van die gemeentelike bediening ook ingerig word om kerkgroei te fasiliteer.

Die fokuspunt van die bediening is die Missio Dei (God se sending). Elke lidmaat en elke kerkraad moet deel wees van die uitdra van die evangelie. Die opskrif beskryf die doel: die eer van God. (Volgende keer meer inligting oor die verskillende elemente van hierdie plan.)

**Ten slotte**

Ons kan die Here nie genoeg dank dat hierdie kernbelangrike saak in die Woord van God deur die Sinode beklemtoon is nie. Nou kan elke lidmaat en kerkraad hulle hierin verdiep en biddend aan die werk spring aan die hand van 'n Kerkgroeibedieningsplan volgens elkeen se eie omstandighede. DK

**Sinode 2015 se moderamen. Van links: Ds. SD Snyman (ondervoorsitter), dr. Douw Breed (voorsitter), ds. Abel Modise (hulpskriba). dr. Deon Lartz (hulpskriba), ds. Hendrik de Beer (skriba)**

Ds. Fanie Coetzee

# Gemeenskap van gelowiges oor die hele wêreld

Ons het met Sinode 2015 opnuut onder die indruk gekom hoe wyd ons familie van kerke strek. Ek as gelowige, ons as gemeente, die GKSA as kerkverband staan nie alleen in hierdie wêreld nie. Genadiglik nie. Ons leef op hierdie aarde tussen ander gelowiges. Ons word deur mekaar bemoedig, onderrig, opgebou en selfs vermaan. Die afgelope jare kom ons as kerke al hoe meer onder die indruk van die wye gereformeerde wêreld waarbinne ons leef.

Tydens die Sinode was daar 14 besoekers vanoor die hele wêreld om die Sinode by te woon en deel te neem. Ons was geraak deur die groeteboodskappe en belewing van eenheid wat ons ervaar het.

In ons verhoudinge met kerke in die buiteland werk ons in kleinerwordende kringe. Wanneer kerke op ons pad kom, begin ons die pad loop van KONTAK. Sodra die gesprek vorder en die eenheid met ons sigbaarder word, sluit ons BANDE met die kerkgroep. Van hier af werk ons in 'n rigting van volle kerklike EENHEID. Dit beteken dat ons volledig een met die kerke is.

Ons as GKSA begin al hoe meer ons fokus op Afrika rig, omdat ons hier op 'n besondere manier geposisioneer is. In die besonder het ons 'n groot roeping ten opsigte van teologiese opleiding in Afrika. Samewerking met kerke vanoor die hele wêreld in die verband is van uiterste belang. Tans het ons volle kerklike eenheid met die volgende kerke reg oor die wêreld.

1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)
2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)
3. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)
4. Free Church of Scotland (FCS)
5. Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(C))
6. Londenbediening
7. Reformerd Church Botswana (RCB)
8. Reformed Church of East Africa (RCEA)
9. African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)
10. Sudanese Reformed Churches (SRC)
11. Eglisee Reformee Confessante au Congo (ERCC)
12. United Reformed Church of Congo (URCC)
13. Presbyterian Church in America (PCA)
14. Christian Reformed Church in North America (CRCNA)
15. Orthodox Presbyterian in America (OPC)
16. Christian Reformed Churches of Australia (CRCA)
17. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)
18. Presbyterian Church of Korea (Kosin) (PCK(K)
19. Reformed Church Japan (RCJ)
20. International Presbyterian Church (IPC)

Ons het verder kerklike BANDE met die volgende kerke:

1. United Reformed Churches of North America (URCNA)
2. Reformed Church of US (RCUS)
3. Presbyterian Church Australia (PCAus)
4. Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA)



**Ds. Eddie Tiemensma**

# Benoeming van Deputate Sinode 2015

Onder al die werksaamhede van en tydens 'n Algemene Sinode tel ook die benoeming van deputate om aan opdragte van die Sinode uitvoering te gee. Die Algemene Sinode 2015 het 'n verskeidenheid en talle deputategroepe goedgekeur. Die benoeming geld vir drie jaar se werksaamhede om oor die uitvoering van opdragte met aanbevelings aan die Algemene Sinode van 2018 te rapporteer.

Vinnig getel, is bykans 40 deputategroepe onder verskillende hoofafdelings benoem. In totaal tel die lede wat as primus en sekundus aangewys is, asook professore verbonde aan die Teologiese Skool wat by sommige deputategroepe as adviseurs aangewys is, meer as 300 lede. Hierdie lede word nie benoem om maar net die lys(ie) van name vol te kry nie. Inteendeel. Sekere kriteria geld vir die benoeming op 'n deputategroep, soos kundigheid, belangstelling, studierigting (Acta 2000:536). Dit gaan met ander woorde oor gawes wat die Here tot opbou en uitbou van sy kerk gee. Ook vir hierdie bemoeienis van die Here met sy kerk moet ons Hom dank.

'n Oorsig oor die verskillende deputategroepe gee 'n indruk van die verskeidenheid opdragte waarvan in die volgende drie jaar werk gemaak moet word. Die opdragte sluit onder meer die volgende in: finansies (die Bestuur van die Administratiewe Buro); die versorging van emeriti (Deputate Emeritaatsversorging); kerklike tydskrifte, soos *Die Kerkblad* (Deputate Publikasies); die jeug van die kerk (Deputate Jeugsorg en Katkisasie); om die belange van die Kinderhuise op die hart te dra (Deputate Diakonale Sake) en die Deputate Liturgiese Sake wat nie net op Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere in Afrikaans betrekking het nie, maar ook in onder meer Sesotho, Thsivenda, Xhosa en isiZulu. Bykomend tot hierdie oorsig, is op die volgende deputate te wys wat benoem is: Deputate vir evaluering van die Direkte Vertaling van die Bybel in Afrikaans en Deputate vir evaluering van die isiZulu Bybelvertaling. 'n Indringende, deeglike en uitgebreide rapport van die Deputate: Omkeerstrategie het by die Sinode gedien. In die volgende naamsverandering: Kerkgroeibediening, is deputate benoem om voortgeset hieraan aandag te gee, wat die opleiding van predikante insluit en as toerusting in gemeentes kan dien om gestuurdes in die wêreld – gehoorsaam aan Christus se opdrag in Matteus 28 – te wees. In aansluiting by die "wêreld" is die verhouding tot die geskape werklikheid ook nie in die benoeming van deputate uit die oog verloor nie. Deputate is weer aangewys om verder met 'n openbare getuienis oor die ekologiese krisis te handel (Deputate Ekologie).

Vir die volgende drie jaar tot 2018 gaan gevolglik nie niks gedoen word nie. Oor 'n wye spektrum gaan aan 'n verskeidenheid opdragte aandag gegee word. Alle benoemdes word wysheid en die leiding van die Gees toegebid sodat hulle werksaamhede in diens van die verheerliking van die Here en sy koninkryk sal staan. DK

## Verwikkelinge by die TSP en Fakulteit Teologie

In die lig van besondere omstandighede by die Potchefstroomkampus van die NWU het daar verwikkelinge plaasgevind wat die personeel van die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie ook direk raak. Prof. Fika van Rensburg is vanaf 1 Februarie benoem as waarnemende viserektor Navorsing, met instemming en goedkeuring van die Kuratorium. Prof. Francois Viljoen is benoem as waarnemende Dekaan van die Fakulteit in die plek van Prof. Van Rensburg. Beide benoemings is voorlopig geldig tot die einde van 2015. *Die Kerkblad* wens ons broers hartlik geluk en bid hulle wysheid, krag en genade toe met die nuwe verantwoordelikhede. Mag ons troue Verbondsgod hulle ook in hulle nuwe hoedanighede tot seën gebruik in die koms van sy Koninkryk.

**Oudl. Hendrik Opperman (Bronkhorstspruit)**

# Bronkhorstspruit vier 110 jaar

**Ds. PA Smit en eggenote (predikant van 1971-1981)**

**Ds. Koos en Marie du Plooy en eggenote (predikant van 1982-1995)**



**Prof. Gert en Mariaan Breed (predikant van 1995-2001)**



**Ds. HL Stavast (predikant van 2002-2008)**

**Ds. Pieter van Wyk en gesin (huidige predikant)**

Die gemeente is afgestig van die Geref. Kerk Pretoria. Op 23 Desember 1904 het die kommissie van die Algemene Vergadering byeengekom tot stigting van die gemeente Erasmus te Bronkhorstspruit en is vyf ouderlinge en vyf diakens gekies. Die stigtingsrede is op 24 Desember 1904 gevoer en die kerkraadslede is in hulle ampte deur ds. M Postma van Pretoria bevestig.

Gedurende 1905 tot 1906 word ds. WJ de Klerk vier keer beroep en hy bedank dit telkens. Ds. P Postma en ds. JD du Toit was ook beroep en eindelik aanvaar prop. HJR du Plessis op 20 Desember 1906 die beroep. Hy is op 7 Februarie 1907 as eerste predikant bevestig en hy bedien die gemeente tot 1954 toe hy hier emeriteer. Die tweede predikant was ds. RSJ van Wyk van 1954 tot 1971 en ook hy emeriteer hier. Die derde predikant is ds. PA Smit van 1971 tot 1981 toe hy beroep aanneem na Daspoort. Die vierde predikant was ds. JS du Plooy van 1982 tot 1995 en ook hy emeriteer hier. Daarna dien dr. Gert Breed van 1995 tot 2001 toe hy beroep aanneem na Randburg. Ds. HL Stavast bedien die gemeente van 2002 tot 2008 toe hy beroep aanneem na Totiusdal. Sedert 2009 is ons ds. Pieter van Wyk ons predikant.

Die eerste kerk se hoeksteen is gelê deur visepresident Schalk W Burger van die ou ZAR op 28 Oktober 1905 met 600 sitplekke en op Sondag 29 Oktober 1905 is die eerste nagmaal in die nuwe kerk gehou. (Die gebou moes egter gesloop word weens erge barste.) Die huidige kerkgebou, ontwerp deur Gerhard Moerdyk, se hoeksteen is gelê op 9 November 1929 deur prof. JA du Plessis. Dit is as kultuurhistoriese gebou verklaar.

Baie werk is hier deur baie mense gedoen oor 100 jaar en tydens die naweek van 19-21 November 2004 het ons eeufees gevier met tema van “100 jaar van wonderlike genade”. Dit was voorwaar 'n wonderlike belewenis, bygewoon deur oudpredikante en oudlidmate waartydens 'n lywige gedenkalbum uitgegee was. Op 17 en 18 Mei 2014 het ons onder die voorsitterskap van oudl. Hendrik Opperman die 110-jarige feesgevier met die tema “Bruidskerk van ons Here Jesus Christus”. Saterdagmiddag het prof. Gert Breed 'n groeteboodskap gebring en sang deur *Voices Divine* wat soos musiek uit die hemel was, en gemeentesang het plaasgevind. Die DVD van 2004 is ook weer gewys en baie kon dit nie help soos om ’n “traan te pik” nie. Die aand is aangesit aan tafels wat soos 'n bruilofsmaal getooi was met versierings volgens die tema “Bruidskerk” deur sr. Marie Roos. Heerlike kos is deur susters met die hulp van die diakonie bedien. Dit het plaasgevind in die saal wat die vorige paar maande pragtig opgeknap was met 'n nuwe stoep voor aangebou. Daar is tot laat lekker gekuier.

Sondag 18 Mei 2014 het prof. Gert Breed die nagmaalsdiens waargeneem, waarna ligte verversings deur die susters aangebied was, en kon ons amper nie ophou kuier nie voor afskeid geneem moes word en elkeen huiswaarts gekeer het. “AAN GOD ALLEEN DIE EER”. DK

**Ds. HK (Kruger) de Kock (Londen) met hulp van ds. TF Thomas) Dreyer (Randburg)**

# Canada Water Kerk (Londenbediening)

*"So, hoe gaan dit nog daar in Londen? Is daar nie maar min Afrikaanssprekendes daar oorkant nie? Moet julle nie maar terugkom nie?" Ek kry dikwels sulke vrae as ons in Suid-Afrika kuier. Wat gewoonlik volg, is eintlik nie net 'n antwoord nie, maar eerder 'n getuienis van die grootheid van die Here se planne. Planne waarvoor nie net ek en Stephanie nie, maar die hele GKSA geroep is.*

**Sondagmiddagete by die pastorie**

**God se sending en die diversiteit van die kerk**

In 2004 is ons, as afgestudeerde studente, Londen toe. Ons het deel van 'n klein, maar uiteenlopende, gemeente in die hart van Londen geword: die *Free Church of Scotland* se *London City Presbyterian Church*. Hier het ons dalk met die bediening van Suid-Afrikaners in Londen begin, maar God het dit gebruik om ons meer en meer 'n hart vir elke inwoner van Londen te gee.

Ek en Stephanie het in 2005 na Londen verhuis om, onder leiding van hierdie gemeente se kerkraad en in samewerking met die Geref. Kerk Randburg, die roeping in Londen voort te sit. Oor die afgelope tien jaar kon ons meer as 400 Suid-Afrikaners en nog honderde ander mense uit ten minste 30 nasionaliteite bedien en toerus om te dien. Dis ook wonderlik om te kan getuig dat vele mense vir die eerste keer tot geloof gekom het.

Alhoewel dit mag blyk dat Londen Christelik en hoofsaaklik Engels is, is dit nie die hele prentjie nie. Die stad het weliswaar baie betekenisvolle Christelike argitektuur en Christelike tradisies, maar in 2011 het 25% van die bevolking aangetoon dat hulle "geen godsdiens" het nie – 'n styging van 10% sedert dieselfde sensus in 2001. Behalwe vir hierdie groeiende verwerping van godsdiens, is Londen boonop 'n geweldige multikulturele stad en het die laaste sensus meer as 180 nasionaliteite aangeteken!

Dit is na hierdie stad toe dat die Here ons gestuur het. Dit is egter nie iets ongewoon nie: In Matteus 29:19 stuur die Here sy dissipels uit na al die nasies toe, maar vandag bring Hy baie van hierdie nasies na die globale stede van die wêreld toe – plekke soos New York, Tokio, Johannesburg en Londen. Paulus skryf immers aan die gelowiges in Rome: "Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring" (Rom. 1:5).

Ek is nie 'n apostel nie, maar die Here het my tot nou toe die genade gegee om mense vanuit al die nasies tot geloof en gehoorsaamheid te sien kom. Onder sy hand het ons gegroei van 'n handjievol Suid-Afrikaners wat deel was van *Londen City Presbyterian Church* tot 'n selfstandige gemeente van 160 lidmate vanuit 24 nasionaliteite. *Canada Water Church* klink dalk na 'n klein gemeente in vergelyking met die gemiddelde lidmaatgetal in Suid Afrika, maar vir die VK is ons 'n groterige kerk – die gemiddelde gemeente in die VK is net 54 lidmate.

**Weeklikse Bybelstudie - 24 nasionaliteite in Canada Water Kerk (ds. Kruger hardloop vir die kamera regs)**

**God se heerlikheid en die uiteenlopendheid van die kerk**

Die hele belewenis van hoe die Here ons fokus van 'n bediening aan Suid-Afrikaners na 'n bediening aan al die nasies kom verskuif het, waarvan Suid-Afrikaners 'n belangrike deel vorm, het vir my hartskennis gegee van iets wat ek vir lank net met my kop verstaan het. God is onkeerbaar lief vir mense uit alle nasies en sy kerk moet hierdie diversiteit weerspieël, terwyl ons ons eenheid slegs in Hom vind.

Dis immers al reeds in die kultuuropdrag opgesluit, as Hy vir Adam en Eva sê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit" (Gen. 1:28). Dit word nog meer duidelik wanneer Hy vir Abraham die belofte gee: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3). Die profete sing daarvan: "Die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlikheid sien" (Jes. 66:18). Jesus kom maak dit deur sy kruisdood en opstanding moontlik en gee sy kerk die opdrag: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies" (Matt. 28:18-19). Johannes sien die finale uitwerking hiervan: "Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan ... Hulle het hard uitgeroep: 'Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!'" (Op. 7:9-10).

Ek het dit in begrip verstaan, maar die belewenis hiervan was iets groots en heerliks, omdat ek saam met ons gemeente meer van God se grootheid en heerlikheid kon leer. John Piper verwoord dit so:

"... when Paul says, 'Praise the Lord all you nations, and let all the peoples extol him' (Rom. 15:11), he is saying that there is something about God that is so universally praiseworthy and so profoundly beautiful and so comprehensively worthy and so deeply satisfying that God will find passionate admirers in every diverse people group in the world. His true greatness will be manifest in the breadth of the diversity of those who perceive and cherish his beauty ... the diversity of the source of admiration will testify to his incomparable glory." Dis wat ons beleef.

Dit is gewoon so dat die meeste godsdienste van die wêreld beperk is tot, of dominant is in, 'n bepaalde kultuur en dat bekering tot daardie godsdiens vereis dat jy tot 'n groot mate daardie kultuur aanneem. Christenskap is egter uniek wat dit betref. Dit is in staat om my die beste Afrikaner, of Engelsman of Ier, of Duitser, of Japannees, of Australiër te maak, sonder dat ek hoogmoedig raak. Dit stel my hart in staat om my herkoms te waardeer, sonder dat ek daarvan 'n afgod maak. Daarom kan ek ook ander se kultuur respekteer en selfs waardeer. Ons word nie ewe skielik 'n grys massa nie. Ons is Afrikaners, Skotte, Britte en Chinese, maar ons vind 'n eenheid in die Een voor Wie ons almal buig.

**Die evangelie van God en die uiteenlopendheid van die kerk**

Laat ek net vinnig byvoeg, voor daar 'n misverstand insluip: Ons is beslis nog ver van die hemelse visioen wat Johannes in sy openbaring sien. Hierdie eenheid vra opoffering, geduld, verdraagsaamheid, luister, gewilligheid om misverstaan te word, vergifnis vra en die bereidheid om te vergewe. Baie van ons lidmate moet, byvoorbeeld, die opoffering maak om nie in hulle moedertaal te aanbid nie. Ons maak verder ook

'n sterk oproep op ons lidmate om tydens gemeentefunksies in Engels met mekaar te praat sodat niemand uitgesluit voel nie.

Dit is nie altyd maklik nie! Om so op te offer en saam met mekaar te leef, vra 'n diep sekerheid oor wie ons in Jesus is – iets wat ons nie altyd het nie.

Dank die Here vir sy Woord en sy Gees, want daardeur verskaf Hy juis die krag om te kan doen wat Hy van ons vra. In die evangelie sien ons hoe Jesus vir ons 'n voorbeeld van hierdie opoffering was: Hy is God wat mens word! Hy gee veel meer prys om met ons een te word as wat ons ooit sal prysgee om een met mense van ander kulture te word. Sy voorbeeld roep ons op en inspireer ons om dieselfde te doen. Veel meer nog: Deur sy dood het Hy my reeds deel van 'n liggaam gemaak wat nooit weer sal sterf nie – maar vir ewig by die Vader sal wees – sy kerk. Hy kan van my vra om dood te gaan vir my voorkeure en my gemak omdat Hy fisies doodgegaan het sodat ek, selfsugtige sondaar, weer naby God kan kom!

Dit bly die bron van krag vir die "klein" opofferings wat ons hier maak, om as mense van alle volke en tale en nasies saam te aanbid. Dis die kragbron vir ons geduld met mekaar. Dis met hierdie krag dat ons mekaar vergewe, mekaar verdra, mekaar leer waardeer en leer liefkry.

**Wat van Suid-Afrika?**

Die Here het ons as gereformeerde Suid-Afrikaners darem al kragtig gebruik om sy koninkryk te laat groei. Dink maar net aan die ryk geskiedenis van ons kerke in Suid-Afrika. Dit lei tot die volgende vrae: Waarvoor wil die Here ons in die volgende 50 jaar gebruik? Watter persentasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap word tans met die gereformeerde evangelie bereik? Watter kultuurgroepe is nog nie bereik nie? Wat gaan dit ons kos om na hulle met sy goeie nuus uit te reik?

**Stephanie, Steffan, Ruben, Rachel en Timothy**

Ek weet my stuurgemeente, die Geref. Kerk Randburg, is besig om 'n bediening te ontwikkel onder die uiteenlopende gemeenskappe in die noordelike voorstede van Johannesburg. So hoor ek van verskeie gemeentes wat vanuit die rykdom wat die Here vir hulle gegee het, na die Engelse of Tswana- of Sothogemeenskappe op hulle voorstoep uitreik. Ons begin die vrug sien van die omkeerstrategie wanneer lidmate begin vra: "Wie is my buurman? Wie is binne ons bereik? Watter van die nasies het die Here nader aan ons gebring sodat dit nader is om te gaan?"

Ek wens ek het nog plek gehad om meer individuele stories te vertel van mense wat deur die Here se Woord aangegryp word, en die diverse eensgesinde gemeenskap wat Hy hier deur sy Woord bymekaar roep; van die geleenthede wat die Here vir studentebediening in ons deel van die stad besig is om te skep; van die Here se finansiële seën en hoe ons stukkie vir stukkie besig is om as gemeente meer en meer in hierdie opsig onafhanklik te raak. Dalk volgende keer of nog beter, kom kuier en sien self!

Weet dat ons vir julle bid en hou asseblief aan om vir ons te bid. Ons het die ondersteuning vanuit die GKSA nog baie nodig.

DK

**Die Nasionale Sinode en reformasie**

Geagte Redakteur,

Die afgelope sitting van die Nasionale Sinode het heelwat publisiteit ontlok, ongelukkig meestal met 'n negatiewe strekking, met so hier en daar 'n poging, sekerlik vanuit die kerkverband, om sake in perspektief te stel. Eintlik jammer dat die kerk se wasgoed so in die publieke oog gewas moes word.

Een skrywe in *Beeld* van 15 Januarie onder die opskrif "*Reformasie bestaan nie in die kerk nie"* het my aandag getrek en hoewel ek nie noodwendig met die inhoud van *Dopper van Roodepoort* se skrywe saamstem nie, dink ek tog dat die stelling verdere aandag verdien.

Persoonlik sien ek 'n verband tussen die vermindering van lidmaatgetalle (veral onder jonger lidmate) en die gebrek aan sigbare reformasie in die kerk; sonder om te kenne te gee dat die kerk moet verwêreldlik.

Reformasie word voorafgegaan deur 'n nuwe verstaan van dinge, en daarom moet ons ook opnuut verstaan wat eietydse kerkwees regtig bedoel is om te wees; wat dit beteken om 'n lidmaat van Christus se eietydse kerk te wees (roeping), wat die amp van die gelowige behels, wat dit behels om deel van die besondere dienste en *bestuurders* van God se huishouding te wees, ensovoorts.

Reformasie moet nie net in die harte van lidmate plaasvind nie, maar ook in die formele aspekte van die kerk se bestuur en bediening. Terwyl *lidmate* 'n eie verantwoordelikheid het om hulle geloofslewe te reformeer, is *kerkrade* medeverantwoordelik, *en om bestuurders van God se huishouding te wees, impliseer ook aanspreeklikheid,* wat nie delegeer kan word nie.

*Kerkrade* het dus die plig en uitdaging om die kerk se bediening en omgewing reformasie-vriendelik(er) en reformasie-vrugbaar(der) te maak.

Ek sien nie die "leegloop" van kerke en swak meelewing net as 'n teken van die tyd nie, maar ook as 'n noodsein vir dringende reformasie en ommekeer.

As die kerk erns wil maak met 'n omkeerstrategie, moet die kerk se bediening en die redes vir en wyses waarop gemeentes saamkom ook onderhewig wees aan reformasie, sodat lidmate se spirituele belewenis verhoog kan word.

Begrippe soos *spiritueel* en *charismaties* moet "*ont-stigmatiseer*" word, sodat dit 'n regmatige, noem dit dan maar 'n *gereformeerd hervormde,* plek in ons kerkwees kan inneem.

In die Bybel word die werk van die Heilige Gees ook in verband gebring met geesdrif (*HG maak ons harte brandend en vuur ons aan – maak ons vurig en geesdriftig)* en vernuwing (*HG bewerkstellig wedergeboorte en maak ons weer nuut*) en dit dui vir my ook op die sigbare (uiterlike) wat ewe van toepassing is op die kerk se bediening en dienswerk.

Sal reformasie en die Omkeerstrategie werklik momentum kry solank as wat dit maar aan die vryheid van plaaslike kerke oorgelaat word? Ek glo nie.

- die "*ons en die Heilige Gees*" se besluite wat by sinodesittings geneem word, is steeds onderhewig aan hoe "gemaklik" plaaslike kerkrade met sulke besluite is;
- predikante laat nie hulle gewete bind deur besluite wat, *saam*, in die gees van die *kredensiebrief* en onder leiding van die *Heilige Gees* geneem word nie;
- die Nasionale Sinode se reaktiewe karakter en onvermoë om kerkrade te bind, bemoeilik reformasie in die kerkverband in plaas van om dit te bevorder;
- die Nasionale Sinode se onvermoë om kerkrade te bind, werk eksklusiwiteit in die hand, en ek vermoed dat *Dopper van Roodepoort* dit ook so ervaar.

Die proses kort 'n "bestuurder" met aanspreeklikheid en 'n "ombudsman", en net 'n *hervormde* Nasionale Sinode sal hierdie rol kan vervul.

Vir my wil dit lyk of reformasie net effektief kan gebeur indien dit in die regte (reformerende) vennootskap tussen **sinodes, klassisse, kerkrade en lidmate* gedoen word, en die party wat die blaam vir leë kerkbanke, swak meelewing, eiewilligheid en gebrek aan reformasie net op die ander een plaas, mag dalk net hoor: "Jy is die een**"** (*n.a.v. wat Natan vir Dawid gesê het, 2 Sam. 12:7*). (*Met inagneming van die feit dat elke identiteit op sigself kerk is, maar met dien verstande dat daar afsonderlike verantwoordelikhede en aanspreeklikhede is.)

Reformasie en ommekeer moet, soos lewegewende water, in en deur die *kerkverband* vloei, en *w*anneer hierdie vloei gestuit word, word dit opgedam en word die water troebelrig en naderhand onbruikbaar. En die feit dat water van bo na onder vloei, sê dit dalk vir ons iets?

*Nic van der Walt, Mokopane*

*Die Redaksie plaas die brief van br. Van der Walt, sonder om ons daarmee te vereenselwig dat die sinode (van bo af) reformasie moet bewerk en verseker. – Redakteur*

Die Redaksie het die reg om briewe te verkort, te redigeer of nie te plaas nie. Ons vra lesers vriendelik om briewe kort te hou, en om nie persoonlike aanvalle op persone te doen nie. Stuur briewe aan kerkblad@gksa.co.za, of faks na 018 293 1042, of Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug 2522

# Personalia

Dit is vir die redaksie van Die Kerkblad 'n dankbare vreugde om maandeliks die emerituspredikante, hulle eggenotes en die emeritusweduwees wat 80 jaar en ouer is, geluk te wens met hulle verjaardae. God sê: *"Die getal van ons jare kan 70 wees, of as ons sterk is, 80."* Totius het dit in Psalm 90 berym: "Die sterkste klim ten hoogste tot die top van sewentig of tagtig jare op." Ons wil in Februarie 2015 die volgende broeder en susters gelukwens:

**"As ons baie sterk is, tagtig"**

**Mev. B (Breggie) du Plessis** (Heuwelsig) vier op 9 Februarie haar 87ste verjaardag. Sy was getroud met ds. WJIM du Plessis en hulle het in die volgende gemeentes gewerk: Bethulie (1953-1956), Kimberley (1956-1965), Bloemfontein-Suidheuwels (1965-1971), Middelburg Tvl. (1971-1977), Rand-burg-Oos (1977-1983).

**Mev. AS (Sophie) du Plessis** (Cresta) is op 1 Februarie 86 jaar oud. Sy was getroud met ds. HLM du Plessis en hulle het in die volgende gemeentes gedien: Theunissen (1952-1955, Kaapstad (1955-1958), Welkom (1958-1966), Linden (1966-1973).

**Mev. E (Esther) van der Bijl** (Alberton-Noord) vier op 11 Februarie haar 85ste verjaardag. Sy was getroud met ds. Simon van der Bijl en hulle het in die volgende gemeentes gewerk: Mafikeng 1961-1967, Kaapstad 1967-1973, Alberton 1973-2000.

**Mev. G (Gep) Floor** (Huis Eikelaan) is op 1 Februarie vanjaar 84 jaar oud. Sy is getroud met prof. Bert Floor. Hy was sendeling vir die Christelijke Gereformeerde Kerk (Nederland), 1961-1964, professor Hammanskraalse Teologiese Skool, 1965-1977, professor Teologiese Skool Potchefstroom, 1978-1988.

**Dr. T (Tjaart) van der Walt** (Huis Eikelaan) is op 15 Februarie 81 jaar oud. Hy het in die volgende gemeentes gedien: Krugersdorp (1962-1968), professor Teologiese Skool Potchefstroom (1969-1977), PU vir CHO Potchefstroom (1977), Wapadrant (1996-2002).

**Mev. AAM (Adri) Steyn** (Krugersdorp) is op 9 Februarie 80 jaar oud. Sy is die weduwee van ds. PJ Steyn en hulle was predikantspaar in die volgende gemeentes: Pongola-kom-binasie (1958-1962), Wolmaransstad (1962-1967), Westonaria (1967-1997).

Die *Kerkblad*lesers wens u elkeen van harte geluk met u besondere verjaardag. Saam met u en almal wat vir u lief en dierbaar is, is ons God dankbaar vir gespaarde lewens. Mag God in hierdie nuwe lewensjaar u seën en u lewe vul met gesondheid en voorspoed.

**Regstelling:** By die gelukwensing aan **mev. CG (Corrie) Labuschagne** (Kokanje) is uitgelaat dat wyle ds. FJ Labuschagne ook die predikant van die Geref. Kerk Aliwal-Noord gedurende 1974-1980 was. Die Redaksie vra om verskoning en plaas graag hierdie regstelling.

### Broeders emeriti 25 jaar in die bediening

Daar is ses predikante wat in 2015 kan terugdink aan hulle bevestiging in hulle eerste gemeente 25 jaar gelede. Hulle is:

- **Ds. AJ (André) Myburgh:** Delareyville (1990-2000), Meyerton (2000-2009), Springs (2009-).
- **Ds. AL (Abri) Pelser:** Akasia (1990-2000), Meyerspark (2000-2009), Bethlehem (2009-).
- **Dr. GJ (Gerard) Meijer:** Ermelo (1990-1998), Wonderboompoort (1998-2008), Oos-Moot (2008-).
- **Ds. JP (Johan) Fleischmann:** Bloemfontein-Wes/Vleuels (1990-2008), Kaapstad (2008-).
- **Ds. HC (Charl) van Rooy:** Bethulie (1990-1997), Silverton (1998-2002), Port Elizabeth (2002-2007), Randburg (2008-).
- **Ds. CJJ (Jaco) Putter:** Koedoesrand (1990-2003), Ficksburg (2003-2006), Potgietersrus (2006-).

Die *Kerkblad*lesers wil die Naam van die Here grootmaak vir die 25 jaar wat Hy aan u gegun het om herder en leraar in sy gemeentes te wees. Dit is die wil van God wat bepaal waar en hoe lank bedienaars van die Woord aktief in God se kerke en teologiese skole dien. U jare van bediening getuig van God se gawes aan u om in die bediening toe te pas. God se seëninge is nie net aan u as bedienaars nie, maar ook aan die gemeentes en teologiese skole waar u werksaam was, gegee. Met groot dankbaarheid kan lidmate en teologiese studente saam met u terugkyk op u 25 bedieningsjare en God saam met u loof en prys.

## Op die Kerkwerf

### BEROEPE

*Beroepe ontvang*

Dr. AJ Coetsee (Albert) van Uitschot na Boksburg-Suid.
Ds. SP Venter (Sarel) van Pietersburg na Nylstroom.
Dr. H Goede (Hennie) van Vereeniging na Meyerspark.
Ds. C Jooste (Christiaan) van Wonderboompoort na Phalaborwa.
Prop. J-L Coetzer (Jan-Louis) na Tsumeb.
Prop. AJ Dednam (Anton) na Andeon/Bergsig as medeleraar.
Prop. JG Tredoux (Jacques) na Dendron/Magalakwin-kombinasie.
Ds. HC van Rooy (Charl) van Randburg na Bloemfontein-Suid.
Prop. J-L Coetzer (Jan-Louis) na Postmasburg.

*Beroepe aanvaar*

Dr. H Goede (Hennie) van Vereeniging na Meyerspark.
Ds. JL Lee (Jan-Louis) van Bothaville na Pietersburg-Noord.
Prop. AJ Dednam (Anton) na Andeon/Bergsig as medeleraar.

*Beroepe bedank*

Ds. GJ Erasmus (Gert) van Komatipoort na Outjo/Biermanskool-kombinasie.
Ds. FJ Potgieter (Fritz) van Meyerton na Tsu-meb.
Ds. C Jooste (Christiaan) van Wonderboompoort na Phalaborwa.
Ds. RA Bain (Ronald) van Cachet na Postmasburg.
Dr. AJ Coetsee (Albert) van Uitschot na Boksburg-Suid.
Ds. PW Kurpershoek (Pieter) van Middelburg Tvl na Bloemfontein-Suid.
Ds. SP Venter (Sarel) van Pietersburg na Nylstroom.

### ADRES- EN TELEFOONNOMMERVERANDERINGS

Ds. SFF van der Walt (Steve) (GK Kathu en Olifantshoek): e-posadres sffvdwalt@gmail.com

**Die Bemarkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za
TARIEWE:
Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.
Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.
BTW is ingesluit. Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

**VAKANSIE EN VERBLYF**

**NATALSE SUIDKUS**

**UVONGO:** 12-bed vakansiehuis. Mooi see-uitsig, loopafstand van strand. Alle geriewe. 3 Badkamers, ruim balkon, 9 X 5 meter. TV, mikrogolfoond, ruim ys- en vriesgeriewe. Tel. 013 932 2433 of sel 073 929 6564; faks: 013 932 0581.

**UVONGO:** LA CRETE SANDS NO. 1. 6-Bed luukse en moderne vakansiewoonstel met 'n 180º see-uitsig en brandersig. Slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; Toesluitmotorhuise; swembad; TV, DSTV en beddegoed ingesluit by prys. Skakel Luzelle by 011 678 5440 of sel 083 326 6329; www.uvongoholidays.co.za

**MARGATE:** MARLICHT VAKANSIEWOONSTELLE. Aangename, see-uitsig verblyf in goed toegeruste 2, 3 en 4-slaapkamer selfsorgwoonstelle. TV en linne ingesluit. Gesellige, gesamentlike braai-area langs swembad. Onderdakparkering. Perseel omhein met elektrifisering en afstandbeheerhekke. "AA Highly Recommended PLUS 3 Ster TGCSA" gradering. Skakel kantoorure vir verdere inligting en kleurbrosjure. Tel. 039 312 1052 of faks 039 317 1870. E-pos: marlicht@uasa.org.za
Webbladsy: wheretostay.co.za/marlicht

**MANABA-MARGATE:** Gerieflike 4-slaapkamer, selfsorgwoning. Slaap tot 10 persone. Mooi see-uitsig. Braaigeriewe, ens. Skakel Nita by 039 317 4146.

**AMANZIMTOTI DROMEDARIS 503:** 2-Slaapkamerwoonstel op strand. Toegerus vir 6 persone. Skakel 031 903 8227.

**AMANZIMTOTI – STELLA MARIS:** Pragtig, strandfront, luuks, veilig. 2-Slaapkamer, 2/6 persone, TV, swembad, braaigeriewe. Spesiale aanbiedinge, buiteseisoen. Tel. 031 903 5477. Faks 031 903 5479.

**AMANZIMTOTI – AFSAAL 602:** Ruim 2-slaapkamerwoonstel met see-uitsig. Toegerus vir 6/7 persone. Spesiale aanbiedinge buiteseisoen. Tel. 011 954 5288 of 082 335 7101.

**DOONSIDE (SHANGRI LA):** (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465.

**GLENMORE – MUNSTER (naby Margate):** 3-Slaapkamer meenthuis in veilige, omheinde gebied. Naby strand. Groot balkon, 2 badkamers. Pragtige see-uitsig. Buiteseisoen: R450 per dag (minimum 5 dae). Skakel 084 504 6640.

**NATALSE NOORDKUS**

**LICORNA BEACH, UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS:** Volledig gemeubileerde luukse vakansiewoonstelle te huur. Skakel Durban 031 561 2344 of 031 561 2986. Onmiddellik beskikbaar.

**WESKAAP / TUINROETE**

**BELLVILLE/WELGEDACHT:** Volledig toegeruste selfsorgeenheid in sekuriteitswoonbuurt. Onderdakparkering, pragtige uitsig. Luuks en billik. Skakel Elza Beekman 082 372 2647.

**BELLVILLE:** 2 Gaste-eenhede in Bellville, On The Balcony (1 slaapkamereenheid, 2 tot 3 persone) en Blackwood Cottage (2-slaapkamereenheid, 5 tot 6 persone). Vir nadere inligting, kontak Ingrid – ingridkl@iafrica.com (021 910 2260).

**BELLVILLE/OAK GLEN:** La Cotte Inn: Selfsorg, luukse, ruim, volledig toegeruste 1-slaapkamer selfsorgeenheid in 'n rustige woonbuurt. Slaapplek vir 2-3 persone, linne ingesluit. Sentraal geleë vir die Kaapse toeriste-attraksies, besigheidsentrums, hospitale en winkelsentrums. Rolstoelvriendelik en veilige parkering. Vir verdere besonderhede skakel Ina van Alten by 021 919 1597 of 073 265 2440 of e-posadres magdalenava@mweb.co.za

**BLOUBERG, KAAPSTAD:** Luukse woonstelle, selfsorg,

seefront, DSTV, verhitte swembad. Tel: 051 654 0504, faks 086 684 5458. E-pos: blouwberg@mweb.co.za Webadres: http://mysite.mweb.co.za/residents/blouwberg

**STRAND/BLOUBERG/GORDONSBAAI/STELLENBOSCH/BETTIESBAAI/WATERFRONT/BELLVILLE/KAAPSTAD:** Vakansieverhuring van woonstelle, huise heeljaar en Desember! Kontak 083 313 4215 of cosybeach@absamail.co.za

**STELLENBOSCH:** KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

**GOURITSMOND:** 3-Slaapkamerhuis met 2 badkamers (slaap 6). Slegs vir volwassenes. Laaste twee weke van Desember en eerste week van Januarie nie beskikbaar nie. Tarief Des – Apr R600 per dag, Mei – Nov R480. Gedeeltelike see-uitsig. 400 meter vanaf strand. Skakel Bernard by 051 436 3451 (na-ure) of 082 770 6662.

**GLENTANA:** Ruim selfsorgwoonstel, baie netjies en volledig toegerus, TV, ens. Slaap 4/6; 80 m vanaf see. Skakel 044 879 1381 of 082 871 5859.

**GLENTANA:** Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers. Lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemplek. Buiteseisoen: R450 per dag (minimum 5 dae). Skakel 084 504 6640.

**GLENTANA:** 1 Selfsorgeenheid. Slaap 2. R150 pppnag. Spesiale tarief buiteseisoen. Skakel 044 879 1360 of 082 346 5886.

**SWELLENDAM:** Gerieflike bed- en ontbytverblyf by GRACE WALK in 'n prentjie-mooi omgewing. Beskikbaar 4 dubbelkamers en-suite met privaat ingang en 'n mooi uitsig op die berg. Kom geniet ware gasvryheid en 'n heerlike ontbyt. Skakel my by 028 514 3432 of 082 458 8224.

**PLETTENBERGBAAI:** Strandhuis, 5 min. se stap na hoofstrand. Slaap 9. Minimum 2 nagte. Skakel 021 913 5552 of 084 503 5552.

**HERMANUS/VERMONT:** Gesellige, ten volle toegeruste 2-slaapkamer vakansiehuis. Slaap 4-6. Tel. 028 316 3904 of 072 386 3904 of e-pos: knersis@itec.co.za

**OUTENIQUASTRAND:** Keuse van 2 goedtoegeruste selfsorgeenhede vir 2 persone elk vir korter/langer tye: retreat/vakansie. Beperkte teologiese biblioteek beskikbaar. Stapafstand van see. 10 min van George-lughawe. Nie Des/Jan. Kontak Erina Bain 082 928 1328 of 044 879 0233 (na 20:00).

**OOSKAAP**

**GRAAFF-REINET:** KADASH GASTEHUIS op die plaas Damesfontein. Moeg van die gejaag? Ons bied u: rus en vrede, 'n gerieflike gastehuis, kaggelvuur-aande, plaasmuseum, fossiele, bossiepad, wandelpaaie ... Karoostilte. U is baie welkom! Kontak Marguerite by tel/faks 049 845 0253, sel 082 4130 579. Webbladsy: www:kadash.co.za

**GRAAFF-REINET:** BUITEN VERWAGTEN GASTEHUIS: Twee selfsorgeenhede asook luukse kamers in pragtige omgewing. Swembad & braaigeriewe. Drie restaurante binne loopafstand. E-pos: info@buitenverwagten.co.za of skakel Peet/Cheré by 082 819 4488 of 049 892 4504.

**JEFFREYSBAAI:** Woonstel en huis by die see. Sel 082 828 4344.

**ASTONBAAI (NABY JEFFREYSBAAI):** Strandhuis te huur. Pragtige see-uitsig. 300 meter vanaf strand. Woonkamer, sitkamer, 4 slaapkamers, 3 badkamers, 1½ kombuis, waskamer en balkon. Goed toegerus met TV, videomasjien, skottel, buite braaiplek, ens. 1 motorhuis. Buiteseisoen R500 p/d. Skoolvakansies en eerste helfte van Desember R600 p/d. Desember/Januarie-skoolvakansie R800 p/d. Minimum tydperk 5 dae. Skakel Ansie du Plessis by 073 166 8166, faks 086 219 2193. E-pos: jakduplessis@absamail.co.za

**BOKNESSTRAND:** DOPPERSNES op Boknesstrand. 2-slaapkamerhuis met 2 badkamers asook 'n 2-slpk woonstel met 1 badk. 8 minute se loop vanaf swemstrand. Verhuring regdeur die jaar. 50% afslag vir senior burgers (buiteseisoen). Kontak Callie van der Merwe by 082 784 4519.

**NIEU ZEBRA:** Nieu Bethesda. Binnenshuis versier met eksentriekheid in gedagte, maar met gerief en die algemene karakter van Nieu Bethesda geïnkorporeer. Ontwerp om 'n paartjie of klein gesin te akkommodeer. Ten volle toegeruste kombuis, aparte slaapkamer, badkamer en woonarea. Skakel 071 868 8146 / 082 413 0579 / 071 659 4421. E-pos info@kadash.co.za

**ANDIKUS:** Jeffreysbaai. Vakansiestyl dekor en meubels, onopgesmuk. Alles wat jy in 'n vakansiehuis nodig het, word in 'n ontspanne omgewing voorsien. Twee slaapkamers, badkamer, ten volle toegeruste kombuis, woonarea en

toe stoep. Skakel 071 868 8146 / 082 413 0579 / 071 659 4421. E-pos info@kadash.co.za

**BETTY'S:** Graaff Reinet. Toegerus vir die oordeelkundige "backpacker" en gesinne wat 'n outydse lewenswyse wil ervaar, maar met alle moderne geriewe. Daar is twee eenhede – Betty's en Molly's, kan 12 persone huisves. Skakel 071 868 8146 / 082 413 0579 / 071 659 4421. E-pos info@kadash.co.za

**KAROO**

**COLESBERG:** KAROO HUISE. Oornag in gerestoureerde dorpshuise, nasionale gedenkwaardighede met antieke meubels. Die gerieflike huisies is selfsorgeenhede, geleë in 'n stil straat. TV, braaigeriewe en veilige parkering. Restaurante binne loopafstand. Kontak T Vorster 051 753 0582; e-pos: hvzvorster@absamail.co.za; web: www.karoohuise.co.za

**COLESBERG:** OUDE HOSTEL. Luukse kamers met privaat badkamer en TV. Billike prys, veilige parkering, swembad. Tel. 051 753 0131.

**COLESBERG:** GUINEA-FOWL GASTEHUIS. Geleë in stil omgewing, weg van hoofstraat, veilige parkering op die erf. Alle kamers het eie buitedeur en eie badkamer. TV in gesamentlike sitkamer vir gaste. Billike tariewe. Stapafstand van eetplekke. Koffie- en teegeriewe in elke kamer. Skakel Jan en Louise Augustyn by tel/faks 051 753 0197 of 082 899 3964.

**DRIE SUSTERS:** RONDAWEL GASTEPLAAS 300 meter vanaf N1-roete tussen Richmond en Drie Susters. Kom geniet ons veilige Karooplaas vanuit die gerief van u eie kliprondawel. Braaipakke, ligte aandetes en vol ontbyt beskikbaar. Skakel Tereza van der Merwe, sel 082 442 1567.

**DRIE SUSTERS:** Selfsorg oornagakkommodasie op rustige, privaat en baie veilige Karooplaas beskikbaar. Ten volle toegerus, baie naby N1 roete, tussen Richmond en Drie Susters. Skakel Retief 049 851 9222, sel 083 406 6236.

**MPUMALANGA**

**SABAAN VAKANSIE-OORD:** Volledig toegeruste woonstelle. Geleë tussen Sabie en Hazyview. Goed geleë vir dagritte na Wildtuin en ander besienswaardighede. Vir bespreking, skakel 013 737 8114.

**DULLSTROOM:** Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

**GRASKOP:** Sentraal geleë buite malariagebied. Binne 'n uur vanaf talle toeriste-aantreklikhede, insl. Kruger Wildtuin. Naby Fanie Botha-staproete. Volledig toegeruste selfsorgvakansiehuis met drie slaapkamers vir tot 7 of 8 persone. Skakel Seakle of Elsa 012 335 4810, 082 395 7582 of e-pos godschal@mweb.co.za

**NOORDWES**

**POTCHEFSTROOM:** Geniet en beleef 'n boomryke oase 5 min vanaf Teologiese Skool en Universiteit. Ruim en gemaklike selfsorg tuinwoonstelle met veilige onderdakparkering. Ontspan langs die Mooirivier. Skakel Annemarie by 082 826 3310.

**VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN OORNAG:** Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

**BLOEMFONTEIN:** KOMWEER B+B vir billike, huislike en gasvrye oornagverblyf. Naby N1 en hospitale. Veilige onderdakparkering. Navrae: tel. 051 522 3778, faks 086 670 8251 of 083 709 0684. E-pos: ventersg@mweb.co.za Webbladsy: www.komweer.za.net

**BLOEMFONTEIN:** Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Piet of Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

**MIDDENDEEL GASTEPLAAS:** Middendeel Gasteplaas, 100 km vanaf Bloemfontein en 75 km vanaf Kimberley. Geskik vir kerkkampe en familiebyeenkomste. Slaap 30 persone. Kontak Callie van der Merwe by 082 784 4519.

**GAUTENG**

**JEUGHUISE:** Gereformeerde Kerk Meyerspark. Aangename verblyf vir jongmense in rustige woonbuurt. **Twintig** ruim slaapkamers, woonkamer, kombuis en waskamer met alle geriewe, swembad, braai-area, veilige parkeerafdakke en pragtige tuin. Skakel Renee 083 269 0305 of e-pos: reneew.vandeventer@gmail.com

**WAVERLEY, PRETORIA:** Selfsorg gastewoonstel vir 4 mense in die hartjie van die Moot. 1 Dubbelbed en twee enkelbeddens. Rustige boomryke omgewing. Beddegoed en handdoeke word voorsien. Veilige parkering. R180 per person (2 of meer). R350 enkel. Kontak Nienke Boerrigter: 076 470 5738 of nienkevdk@gmail.com

**ALLERLEI**

**OPMETINGSINSTRUMENTE:** Bukswaterpasse (automatic levels), teodoliete, meetwiele, laser vir konstruksie, RTK, GPS, Total Stations. Protea Geomatics: Tel. 011 976 2070. Sel 083 259 8931 of 083 265 7272. E-pos: sales@protsurv.co.za

**BINDWERK:** Flinke bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

**TE KOOP – GLENMORE:** Strandhuis te koop in Glenmore, Suidkus, Natal. Op die rotse teenaan die see, 100 meter vanaf die swemstrand, R2 miljoen. Kontak Ria by 082 440 7977.

**RANDBURG:** Een-, twee- en drieslaapkamerwoonstelle te huur in die Randburgomgewing. Kontak asb. vir Jasper by 082 336 4892 of jasperw117@gmail.com


LICORNA BEACH

**UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS**

*Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban. Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.*

*SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.*
*Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974*

*LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544*
*UMHLANGA ROCKS 4320*

*E-pos: licorna@intekom.co.za*
*http://licorna.co.za*


**BOEKE VAN MARNIX**

Deur prof. V.E. d'Assonville. Pryse sluit posgeld en verpakking in.

Bestel by: MARNIX, Posbus 38174, Faerie Glen, 0043. Tel en faks: 012 991 2009. E-pos: marnix@absamail.co.za

**Die Groot Diamantroof** (anneksasie van Vrystaatse diamantvelde), R138.
**SJ du Toit van die Paarl** (biografie, hardeband, 450pp, 50 foto's) R175; (genommerde eksemplaar: R225).
**Dit is Totius** (biografie, hardeband, 284pp, 50 foto's) R83; (genommerde eksemplaar R108).
**Die boek Openbaring** (Lig van God se Woord op die wêreldgebeure. Sagteband, tweede nuutverwerkte uitgawe, 250pp), R98.
**Kerk op die Wit Hooglande** ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp, foto's) R58.
**Gereformeerde Doopsformulier** (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp) R18.
**Dogmageskiedenis** (Gids vir die Gereformeerde leer. Sagteband, 83pp) R15.
**Calvyn verdedig sy stad** (Die dramatiese geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte tydens sy ballingskap. Sagteband, 16pp) R7.
**Majuba** (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Sagteband, 75pp met foto's) R45.
**Majuba** (Engelse uitgawe. Sagteband, 82pp) R45.
**Kruger en Rhodes** (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Sagteband , 82pp) R45.
**Bloedrivier** (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Sagteband, 70pp met foto's) R65.
**Blood River** ('n Engelse weergawe van bogenoemde boek. Sagteband, 71pp met foto's) R65.
**Totius se oorlogsdagboek** (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899 – 1900. Sagteband, 72pp met foto's) R45.
**Op die bodem van die Vaaldam** (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevangene- en konsentrasiekampe en die Rebellie van 1914 saam met genl. De Wet. Sagteband, 211pp, 55 foto's) R108.
**Die Psalms sing van Christus** ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Sagteband, 194pp) R98.
**Die koms van Christus en die Antichris** (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie eers klaar verkondig is. Kardinale vrae word beantwoord. Sagteband, 104pp) R65.
**Die Van der Merwes van Middendeel** VE d'Assonville en Nico van der Merwe. R158 posgeld ingesluit.
**Eugène Marais en die Waterberge** (ook in Engels) R108.
**Generaal De Wet in die Vredefortkoepel** R158.
**The Book of Revelation** R98.

# Intekenvorm

**Naam:** _____

**Adres:** _____

_____ **Poskode:** _____

**ID No:** _____

**Tel. no:** _____

**Gemeente:** _____

**Die Kerkblad (plaaslik en Namibië)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 Uitgawes per jaar (belasting en posgeld ingesluit) | R284.00 | R | ..... |
| 11 Uitgawes per jaar (posgeld uitgesluit - by Admin Buro afgehaal) | R195.00 | R | ..... |
| 11 Uitgawes per jaar (groepsintekening) | R266.00 | R | ..... |
| 11 Uitgawes per jaar (ontvang elektronies) | R195.00 | R | ..... |

**Stuur blad aan:**

Naam: _____

Adres: _____

Tjek ingesluit

**Stuur rekening aan:**

Naam: _____

Adres: _____

Stuur asseblief die rekening

Indien u verkies om 'n direkte inbetaling te doen, is die rekeningbesonderhede die volgende:
**ABSA Tomstraat, Potchefstroom (takkode 335-138); rekeningnommer 670 140 040.**
**Faks asseblief u depositostrokie deur na (018) 293 1042 met vermelding van u rekeningnommer of**
**Skakel Angie Mokobi by 018 297 3986 om die inbetaling te bevestig.**

Handtekening: _____ Datum: _____

**Let wel: Intekentydperk strek van 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2015.**
**Intekening moet skriftelik gekanselleer word.**

**Pos aan: Die Administratiewe Buro, Posbus 20008, Noordbrug, 2522**
**Faks: 018 293 1042; e-pos: tydskrifte@gksa.co.za**

# POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die Gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van
(1) vakkundige,
(2) populêr-wetenskaplike en
(3) stigtelike Christelike literatuur

## PTP KERSAANBIEDINGE – Geskenkboeke vir geloofsversterking!






**U is 'n God wat my sien – R90**
**Eva het haar toonnaels rooi geverf – R120**
**Voor sy troon en hier benede – R120**
**Die allernoodsaaklikste Derde Party in die huwelik – R135**
**Dink aan jou Skepper in jou jongdae – R125**

## NUWEJAARSAANBIEDINGE – Begin die jaar met 'n belydenis van wat ons glo!







**Jaar van genade – R180**
**Kairoi van genade – R180**
**Troosboek van genade – R180**

## BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

**www.ptpboeke.co.za**

**vir meer inligting oor ons publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO**
**Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**




# Nuwe boek oor die Rebellie 1914

**Prof. VE d'Assonville**

## "O Vaalrivier! ... Broederstroom"

- Totius se onbekende gedig oor genl. Christiaan Beyers
- Wie het genl. De la Rey in Johannesburg doodgeskiet?
- Genl. Louis Botha se geheime beloftes aan Brittanje
- Emily Hobhouse se smeekbriewe aan genl. Smuts
- Pres. Steyn en genl. Hertzog se vredespogings
- Genl. De Wet en Deuteronomium 27:17
- Die tragiese teregstelling van Jopie Fourie
- Genl. Beyers sterf onder Smuts se koeëls in die Vaalrivier

**Die boek is verkrygbaar by: Marnix, Posbus 38174, Faerie Glen 0043; tel/faks 012 991 2009**




**R65**
(aflewering, posgeld en verpakking uitgesluit)

Bestel by:
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008
NOORDBRUG 2522
Tel. 018 297 3986
Faks 018 293 1042
E-pos: bestellings@gksa.co.za